



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2786

PRICE 20c PRYS
OVERSEAS 30c OORSEE
POST FREE — POSVRY

REGULASIEKOERANT No. 2786

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 166]

PRETORIA, 27 APRIL 1979

No. 6419

PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of
South Africa*

No. R. 81, 1979

**COMING INTO OPERATION OF THE SUGAR
ACT, 1978 (ACT 9 OF 1978)**

Under the powers vested in me by section 12 of the Sugar Act, 1978 (Act 9 of 1978), I hereby declare that the said Act shall come into operation on 27 April 1979.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-fifth day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

B. J. VORSTER, State President.

By Order of the State President-in-Council:

J. C. HEUNIS.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF INDUSTRIES

No. R. 858

27 April 1979

I, Jan Christiaan Heunis, Minister of Economic Affairs, hereby publish in terms of section 4 (1) of the Sugar Act, 1978 (Act 9 of 1978), the terms of the Sugar Industry Agreement, 1979, contained in the Schedule hereto, which I have determined under section 4 (1) of the said Act after consultation with the South African Sugar Association.

J. C. HEUNIS, Minister of Economic Affairs.

SCHEDULE

SUGAR INDUSTRY AGREEMENT, 1979

Interpretation

1. Any word or expression defined in the Act shall bear the meaning so assigned to it, and unless the context otherwise indicates—

“Act” means the Sugar Act, 1978, Act 9 of 1978;

“cane” means sugar cane;

“Central Board” means The Sugar Industry Central Board, established in terms of clause 3;

“Delville Estates” means Delville Estates Limited;

8108—A

PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van
Suid-Afrika*

No. R. 81, 1979

**INWERKINGTREDING VAN DIE SUIKERWET,
1978 (WET 9 VAN 1978)**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 12 van die Suikerwet, 1978 (Wet 9 van 1978), verklaar ek hierby dat genoemde Wet op 27 April 1979 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vyf-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehoenderd Nege-en-sewentig.

B. J. VORSTER, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

J. C. HEUNIS.

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

**DEPARTEMENT VAN NYWERHEIDS-
WESE**

No. R. 858

27 April 1979

Ek, Jan Christiaan Heunis, Minister van Ekonomiese Sake, publiseer hierby kragtens artikel 4 (1) van die Suikerwet, 1978 (Wet 9 van 1978), die bepalings van die Suikernywerheidsooreenkoms, 1979, in die Bylae hiervan vervat, wat ek onder artikel 4 (1) van die genoemde Wet na oorleg met die Suid-Afrikaanse Suikervereniging vasgestel het.

J. C. HEUNIS, Minister van Ekonomiese Sake.

BYLAE

SUIKERNYWERHEIDOOREENKOMS, 1979

Woordbepaling

1. In hierdie Ooreenkoms het enige woord of uitdrukking wat in die Wet omskryf word, daardie betekenis, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“binnelandse mark” die Suid-Afrikaanse mark soos omskryf in klousule 52 (4);

“Delville Estates” Delville Estates Limited;

6419—1

"Entumeni" means Entumeni Sugar Milling Company (Proprietary) Limited;

"Gledhow" means Gledhow Sugar Company Limited;

"Glendale" means Glendale Sugar Millers (Proprietary) Limited;

"Growers' Association" means The South African Cane Growers' Association;

"Growers' Register" means the register referred to in clause 15 (3) (c);

"Hulett's" means Hulett's Corporation Limited;

"Hulsar" means Hulett's Refineries Limited;

"Illovo" means Illovo Sugar Estates Limited;

"local market" means the South African market as defined in clause 52 (4);

"mill" includes the owner of a mill;

"miller-cum-planter" means a miller who is also a quota grower registered in the Growers' Register, including any quota grower classified in the Growers' Register as a miller-cum-planter;

"Millers' Association" means The South African Sugar Millers' Association Limited;

"Natal Estates" means The Natal Estates Limited;

"Nkwaleni Growers" means the growers who are shown in the Nkwaleni Group in the Growers' Register;

"Noodsberg" means Noodsberg Sugar Company Limited;

"Pongola" means Pongola Sugar Milling Company Limited;

"Reynolds" means Reynolds Bros Limited;

"Smiths" means C. G. Smith Sugar Limited;

"Sugar Association" means The South African Sugar Association incorporated in terms of section 2 of the Act;

"Tongaat" means The Tongaat Group Limited;

"T.S.B." means Transvaalse Suikerkorporasie Beperk;

"Umfoloji" means Umfolozi Co-operative Sugar Planters Limited;

"Umzimkulu" means Umzimkulu Sugar Company Limited;

"Union Co-op." means The Union Co-operative Bark and Sugar Company Limited;

"year" means the period of 12 consecutive months commencing on 1 May in each calendar year;

"Zululand S.M." means Zululand Sugar Millers Limited.

Date of commencement

2. (1) This Agreement shall, in terms of section 4 (1) (c) of the Act come into operation on the date on which it is published by the Minister, and shall be subject to amendment by the Minister in terms of section 4 (1) (b) of the Act.

Application

(2) This Agreement shall, in terms of section 4 (1) (c) of the Act, upon coming into operation become binding upon every grower, miller and refiner.

CHAPTER 1 CENTRAL BOARD

Establishment

3. There shall be established a Board to be known as the Sugar Industry Central Board, hereinafter referred to as the "Central Board".

Membership

4. The Central Board shall consist of five members, namely, a Chairman, who shall have no financial interest in the Sugar Industry, and a Growers' and a Millers' representative (hereinafter in this Agreement

"Entumeni" Entumeni Sugar Milling Company (Proprietary) Limited;

"Gledhow" Gledhow Sugar Company Limited;

"Glendale" Glendale Sugar Millers (Proprietary) Limited;

"Hulett's" Hulett's Corporation Limited;

"Hulsar" Hulett's Refineries Limited;

"Illovo" Illovo Sugar Estates Limited;

"jaar" 'n tydperk van twaalf opeenvolgende maande wat op 1 Mei in elke kalenderjaar begin;

"Kwekersregister" die register genoem in klousule 15 (3) (c);

"Kwekersvereniging" die Suid-Afrikaanse Rietkwekersvereniging;

"meul" ook die eienaar van 'n meul;

"meulenaar-cum-planter" 'n meulenaar wat ook as 'n kwotakweker in die Kwekersregister geregistreer is, insluitende 'n kwotakweker wat in die Kwekersregister as 'n meulenaar-cum-planter geklassifiseer is;

"Meulenaarsvereniging" Die Suid-Afrikaanse Suikermeulenaarsvereniging Bpk.;

"Natal Estates" The Natal Estates Limited;

"Nkwaleni-Kwekers" die kwekers wat in die Nkwaleni-groep in die Kwekersregister aangegee word;

"Noodsberg" Noodsberg Sugar Company Limited;

"Pongola" Pongola Sugar Milling Company Limited;

"Reynolds" Reynolds Bros. Limited;

"riet" suikerriet;

"Sentrale Raad" Die Sentrale Raad van die Suikernywerheid ingevolge klousule 3 ingestel;

"Smiths" C. G. Smith Sugar Limited;

"Suikervereniging" die Suid-Afrikaanse Suikervereniging ingevolge artikel 2 van die Wet ingelyf;

"Tongaat" The Tongaat Group Limited;

"T.S.B." Transvaalse Suikerkorporasie Beperk;

"Umfoloji" Umfolozi Co-operative Sugar Planters Limited;

"Umzimkulu" Umzimkulu Sugar Company Limited;

"Union Co-op." The Union Co-operative Bark and Sugar Company Limited;

"Wet" die Suikerwet, 1978 (Wet 9 van 1978);

"Zululand S.M." Zululand Sugar Millers Limited.

Datum van inwerkingtreding

2. (1) Hierdie Ooreenkoms tree ingevolge artikel 4 (1) (c) van die Wet in werking op die datum waarop dit deur die Minister gepubliseer word, en is onderworpe aan wysiging deur die Minister ingevolge artikel 4 (1) (b) van die Wet.

Toepassing

(2) Hierdie Ooreenkoms word ingevolge artikel 4 (1) (c) van die Wet by inwerkingtreding bindend vir elke kweker, meulenaar en raffineerder.

HOOFTUK 1 SENTRALE RAAD

Stigting

3. 'n Raad word ingestel wat bekend staan as die Sentrale Raad van die Suikernywerheid, hieronder die 'Sentrale Raad' genoem.

Lidmaatskap

4. Die Sentrale Raad bestaan uit vyf lede, naamlik 'n voorsitter, wat geen finansiële belang by die Suikernywerheid mag hê nie, en 'n kwekers- en 'n meulenaarsvertegenwoordiger (hierna in hierdie Ooreenkoms

referred to as "Industry members") and two independent members, who shall be persons having no direct financial interest, as may be defined by the Sugar Association, in the Sugar Industry. The Chairman shall be appointed by the Sugar Association after consultation with the Minister, Industry members shall be appointed by the Growers' Association and Millers' Association respectively, and the two independent members shall be appointed by the Sugar Association. Any member of the Central Board at the commencement of this Agreement who was such a member under the provisions of the Sugar Industry Agreement, 1943, on 30 April 1978, shall continue to be a member thereof for the unexpired portion of his term of office, or until removed as contemplated in clause 5 of this Agreement.

Period of office

5. Subject to the provisions of clause 7, the Chairman shall hold office until removed for good cause by the Sugar Association, an Industry member shall hold office for a period of one year and an independent member shall hold office for a period of five years unless removed for good cause by the Sugar Association.

Remuneration

6. The Chairman shall receive such salary, the Industry members such remuneration, and the independent members such fees as may be fixed, in each case, by the Sugar Association.

Vacancies

7. In the event of any vacancy arising from death, resignation or other cause, in the office of a member of the Central Board (including in the case of the Chairman or independent member, his removal), such vacancy shall be filled within three months by appointment as hereinbefore set out. In the case of any member other than the Chairman appointed to fill a vacancy, such member shall hold office for the remaining period for which his predecessor was appointed. In the event of any vacancy in the office of Chairman not being filled within three months, the Minister shall be requested to nominate a chairman, and his nominee shall forthwith be appointed by the Sugar Association.

Temporary appointments

8. Whenever the Chairman or a member of the Central Board is temporarily unable to act, his functions shall be performed by a person appointed for the purpose—

(a) in the case of the Chairman or an independent member, by the Sugar Association; and

(b) in the case of the Growers' representative or the Millers' representative, by the Association by which such representative is to be appointed.

Any such appointment may be made in advance or when the occasion arises.

Quorum and majority decision

9. At any meeting of the Central Board the Chairman and the Industry members shall form a quorum. Save as may be otherwise specially provided in this Agreement, all questions shall be decided by a majority including at least one Industry member.

'nywerheidslede' genoem) en twee onafhanklike lede, wat persone moet wees wat geen regstreekse finansiële belang, soos deur die Suikervereniging omskryf, by die Suikernywerheid het nie.

Die Voorsitter word deur die Suikervereniging na oorlegpleging met die Minister aangestel, nywerheidslede word deur onderskeidelik die Kwekersvereniging en die Meulenaarsvereniging aangestel, en die twee onafhanklike lede word deur die Suikervereniging aangestel. 'n Lid van die Sentrale Raad ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms wat op 30 April 1978 'n lid daarvan was ingevolge die bepalings van die Suikernywerheidsooreenkoms, 1943, bly 'n lid daarvan vir die onverstreke gedeelte van sy amptstermyn, of totdat hy afgesit word soos in klousule 5 van hierdie Ooreenkoms beoog.

Dienstermyn

5. Behoudens die bepalings van klousule 7 beklee die voorsitter sy amp totdat hy deur die Suikervereniging om goeie rede afgesit word; beklee 'n nywerheidslid sy amp vir 'n tydperk van een jaar, en beklee 'n onafhanklike lid sy amp vir 'n tydperk van vyf jaar tensy hy deur die Suikervereniging om goeie rede afgesit word.

Besoldiging

6. Die voorsitter ontvang sodanige salaris, die nywerheidslede sodanige vergoeding en die onafhanklike lede sodanige gelde as wat in elke geval deur die Suikervereniging vasgestel word.

Vakatures

7. Ingeval 'n vakature in die Sentrale Raad ontstaan as gevolg van die oorlyde of bedanking van 'n lid of deur enige ander oorsaak (met inbegrip van ontslag in die geval van die voorsitter of 'n onafhanklike lid), moet sodanige vakature binne drie maande gevul word deur aanstelling soos hierbo uiteengesit. In die geval van enige ander lid as die voorsitter wat aangestel is om 'n vakature te vul, beklee sodanige lid sy amp vir die oorblywende tydperk waarvoor sy voorganger aangestel was. Indien 'n vakature ten opsigte van die amp van voorsitter nie binne drie maande gevul word nie, moet die Minister versoek word om 'n voorsitter te benoem, en die aldus genomineerde moet onmiddellik deur die Suikervereniging aangestel word.

Tydlike aanstelling

8. Wanneer die voorsitter of 'n lid van die Sentrale Raad tydelik nie in staat is om op te tree nie, word sy funksies uitgevoer deur 'n persoon wat vir dié doel aangestel word—

(a) in die geval van die voorsitter of 'n onafhanklike lid, deur die Suikervereniging; en

(b) in die geval van die kwekersvertegenwoordiger of die meulenaarsvertegenwoordiger, deur die Vereniging waardeur sodanige verteenwoordiger aangestel staan te word.

Enige sodanige aanstelling kan vooruit gedoen word of wanneer die geleentheid hom voordoen.

Kworum en meerderheidsbesluit

9. Die voorsitter en die nywerheidslede vorm 'n kworum op alle vergaderings van die Sentrale Raad. Behalwe soos andersins spesiaal in hierdie Ooreenkoms bepaal, word alle kwessies beslis deur 'n meerderheid wat minstens een nywerheidslid insluit.

Rules and regulations

10. The Central Board may make such rules and regulations as it deems necessary or expedient and are not in conflict with the provisions of this Agreement—

(a) prescribing the meetings to be held by the Central Board, the proceedings thereat, the conduct of the business of the Central Board, and the records to be kept by the Central Board of its proceedings;

(b) prescribing the methods by and the form in which the Central Board shall keep its accounts, and the manner in which they shall be audited;

(c) generally for the better carrying out of the provisions of this Agreement in so far as they relate to the functions of the Central Board.

Powers and duties

11. The Central Board shall have power—

(a) to undertake and carry out all such duties or activities and to exercise all such powers as are assigned to or conferred upon it by this Agreement;

(b) to undertake and carry out all such duties or activities and to exercise all such powers as may from time to time be assigned to it by or in pursuance of the Act;

(c) to undertake and carry out all such duties or activities and to exercise all such powers as may from time to time be lawfully assigned to it by the Sugar Association;

(d) to conduct any inquiries, investigations, inspections and surveys in general or in respect of individual farms and growers, wherever it considers that it may be desirable to do so in the interest of the Sugar Industry or for the better carrying out of the terms, or for the attainment of the objects, of this Agreement;

(e) to come to such decisions and to give all such notifications or directions with respect to matters within its jurisdiction, as it may deem necessary or expedient to give due effect thereto or for the carrying out of the objects and purposes of this Agreement;

(f) to call in such persons as it may consider fit to assist it in its deliberations, and for other advisory purposes, technical or otherwise;

(g) to appoint such persons as it considers necessary to enable it to exercise its functions at such remuneration and on such conditions as it may determine;

(h) to acquire or hire any property which it considers necessary for the purpose of exercising its functions, and to dispose of or let any property which it has acquired;

(i) to receive, control and administer the Central Fund established in terms of clause 13, and to open banking accounts, to sign by itself or any person duly appointed by it in that behalf cheques, bills of exchange, and other documents for the purpose of collecting, investing and disbursing moneys, and to make all payments which may be necessary in the exercise of its functions hereunder;

Reëls en regulasies

10. Die Sentrale Raad kan sodanige reëls en regulasies maak as wat hy nodig of dienstig ag en wat nie met die bepalings van hierdie Ooreenkoms in stryd is nie—

(a) wat die vergaderings wat deur die Sentrale Raad gehou moet word, die verrigtings op hierdie vergaderings, die bestuur van die sake van die Sentrale Raad en die verslae wat deur die Sentrale Raad van die verrigtings van die Raad gehou moet word, voorskryf;

(b) wat die metode waarvolgens en die vorm waarin die Sentrale Raad sy boeke moet hou, asook die wyse waarop die boeke geouditeer moet word, voorskryf;

(c) in die algemeen vir die doeltreffender toepassing van die bepalings van hierdie Ooreenkoms, vir sover hulle betrekking het op die funksies van die Sentrale Raad.

Bevoegdhe en pligte

11. Die Sentrale Raad het die bevoegdheid om—

(a) al die pligte of werksaamhede te onderneem en uit te voer en al die bevoegdhe uit te oefen wat by hierdie Ooreenkoms aan hom toegewys of verleen is;

(b) al die pligte of werksaamhede te onderneem of uit te voer en al die bevoegdhe uit te oefen wat van tyd tot tyd by of ter uitvoering van die Wet aan hom toegewys word;

(c) al die pligte en werksaamhede te onderneem en uit te voer en al die bevoegdhe uit te oefen wat van tyd tot tyd deur die Suikervereniging wetlik aan hom toegewys word;

(d) alle navrae, ondersoeke, inspeksies en opnames in die algemeen of ten opsigte van individuele plase en kwekers te onderneem waar hy dit wenslik ag in die belang van die Suikernywerheid of vir die behoorlike uitvoering van die bepalings of die bereiking van die doelstellings van hierdie Ooreenkoms;

(e) met betrekking tot aangeleenthede binne sy jurisdiksie die besluite te neem en alle bekendmakings of aanwysings uit te vaardig wat hy nodig of dienstig ag om behoorlik uitvoering daaraan te gee of om die doelstellings en doeleindes van hierdie Ooreenkoms te bereik;

(f) in verband met sy beraadslagings en vir die verkryging van advies, tegnies of andersins, die hulp in te roep van persone wat hy bekwaam ag;

(g) die persone wat hy nodig ag, aan te stel ten einde hom in staat te stel om sy funksies uit te oefen, en wel teen die besoldiging en op die voorwaardes wat hy vasstel;

(h) eiendom te verkry of te huur wat hy vir die uitoefening van sy funksies nodig ag, en eiendom wat hy verkry het, van die hand te sit of te verhuur;

(i) die Sentrale Fonds wat ingevolge klousule 13 ingestel is te ontvang, te beheer en te bestuur en om bankrekenings te open, om tjeks, wissels en ander dokumente met die oog op die invordering, belegging en uitbetaling van geld self te onderteken of te laat onderteken deur iemand behoorlik deur hom daartoe aangestel, en om alle betalings te doen wat by die uitoefening van sy funksies kragtens hierdie Ooreenkoms nodig mag wees;

(j) generally to do all such other acts, matters and things as shall be incidental to the proper carrying out of the powers assigned to or conferred upon it by this Agreement.

Arbitration

12. In the event of any question or dispute arising out of or in connection with the interpretation or operation of this Agreement between any persons upon whom this Agreement is binding, the determination of which is not herein specifically provided for, such question or dispute shall be submitted to the members of the Central Board sitting as arbitrators, and not as the Central Board, for determination and award in accordance with the provisions of the Arbitration Act, 1965 (Act 42 of 1965): Provided that—

(a) the decision of the majority of the arbitrators (of whom at least one shall be an Industry member) shall be final;

(b) in the event of the said members being unable to arrive at a decision as provided in subclause (a) they may by majority vote appoint an umpire who shall be an advocate of the Supreme Court of South Africa of at least seven years' standing and whose decision on the matter shall be final.

Notwithstanding the foregoing, should any member recuse himself or objection be taken to any member sitting as an arbitrator by a party to the dispute, the dispute shall be referred to arbitration in accordance with the provisions of the said Arbitration Act, 1965.

Any determination or award given under the corresponding provisions of any prior Sugar Industry Agreement, and in force at the commencement of this Agreement, shall continue to have force and effect as if it were given under the provisions of this clause.

The Central Fund

13. There shall be established under the administration of the Central Board a fund to be called 'the Central Fund', which shall be charged with the payment of all costs and expenses incurred by the Central Board in pursuance of the provisions of this Agreement and of the rules and regulations referred to in clause 10.

Levies

14. The amount required for the Central Fund shall be an Industry obligation as hereinafter defined, and shall be met by a levy imposed as hereinafter provided for in this Agreement and in the Constitution of the Sugar Association. All amounts levied and collected hereunder shall be paid forthwith into the Central Fund.

CHAPTER 2

CONTROL OF PRODUCTION

Sucrose quotas

15. (1) Growers' quotas shall be expressed in metric tons sucrose.

(2) (a) Quotas shall be basic, contingency or provisional.

Basic quota

(b) A basic quota is a quota which has been established by deliveries of sucrose made from a specific area of land registered by the Central Board in terms of clause 17.

(j) in die algemeen alle ander handelinge, sake en dinge te verrig wat gepaard gaan met die behoorlike uitoefening van die bevoegdhede by hierdie Ooreenkoms aan hom toegewys of verleen.

Arbitrasie

12. Ingeval uit of in verband met die interpretasie of die werking van hierdie Ooreenkoms 'n geskil of dispuut ontstaan tussen persone vir wie hierdie Ooreenkoms bindend is, vir die beslissing waarvan hierin nie uitdruklik voorsiening gemaak word nie, moet die geskilpunt of dispuut voorgelê word aan die lede van die Sentrale Raad, sittende as arbiters en nie as Raad nie, vir beslissing en toekenning ooreenkomstig die bepalings van die Arbitrasiewet, 1965 (Wet 42 van 1965): Met dien verstande dat—

(a) die beslissing van die meerderheid van die arbiters (van wie minstens een 'n nywerheidslid moet wees) finaal is;

(b) ingeval genoemde lede geen beslissing soos bepaal in subklousule (a) kan bereik nie, hulle by meerderheid van stemme 'n skeidsregter kan aanstel wat 'n advokaat van die Hooggeregshof van Suid-Afrika met minstens sewe jaar praktyk moet wees en wie se beslissing oor die saak finaal is.

Wanneer 'n lid hom onttrek of wanneer daar teen 'n lid sittende as arbiter beswaar gemaak word deur 'n party in die geskil, moet die geskil, niteenstaande voorgaande, ooreenkomstig die bepalings van genoemde Arbitrasiewet, 1965, aan arbitrasie onderwerp word. Iedere beslissing of toekenning wat ingevolge die ooreenkomstige bepalings van enige vorige Suikernywerheids-ooreenkoms gegee of gemaak is en wat ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms nog van krag is, bly van krag asof dit kragtens die bepalings van hierdie klousule gegee of gemaak is.

Die Sentrale Fonds

13. Daar moet onder beheer van die Sentrale Raad 'n fonds, genoem "die Sentrale Fonds", gestig word, waaruit alle koste en uitgawes betaal moet word wat die Sentrale Raad ingevolge die bepalings van hierdie Ooreenkoms en die reëls en regulasies bedoel in klousule 10 aangaan.

Heffings

14. Die bedrag vereis vir die Sentrale Fonds is 'n nywerheidsverplichting soos hierna omskryf en word verkry uit 'n heffing wat opgelê word soos hierna in hierdie Ooreenkoms en in die grondwet van die Suikervereniging voorgeskryf word. Alle bedrae wat hierkragtens hef en ingevorder word, moet dadelik in die Sentrale Fonds gestort word.

HOOFSTUK 2

BEHEER OOR PRODUKSIE

Sukrosekwas

15. (1) Kwekers se kwotas word uitgedruk in metrieke ton suikrose.

(2) (a) Die kwotas is basies, voorwaardelik of voorlopig.

Basiese kwota

(b) 'n Basiese kwota is 'n kwota wat daargestel is deur lewerings van suikrose vanaf 'n bepaalde oppervlakte grond wat deur die Sentrale Raad ingevolge klousule 17 geregistreer is.

Contingency quota

(c) (i) A contingency quota is a quota which has been allocated by the Minister as provided in clause 16 or by the Central Board as provided in clause 20 or as determined by the Central Board as provided in clause 21.

(ii) During periods of restrictive control of production referred to in clause 22 (1) (a) the Central Board shall apportion each contingency quota to active and dormant contingency quota as at a date or dates determined by the Sugar Association from time to time.

(iii) Active and dormant contingency quota shall be the proportions of each grower's contingency quota which such grower's planted and unplanted areas of allotted extension land, as determined by the Central Board at the date or dates concerned, bear respectively to their sum.

(iv) The Central Board may from time to time increase a grower's active and commensurately decrease such grower's dormant contingency quota if such grower satisfies the Mill Group Board concerned and the Central Board that the crop standing on his total quota land then under cane is a normal crop and, as such, exceeds the equivalent sum of his basic and active contingency quotas.

(v) An active contingency quota shall not revert to a dormant contingency quota if the extension land upon which such active contingency quota was allocated is subsequently taken out of cane production.

Provisional quota

(d) (i) A provisional quota is the whole or part of a basic quota, the transfer of which has been approved by the Central Board without the transfer of a commensurate area of the registered quota land to which such quota was attached.

(ii) During periods of restrictive control of production referred to in clause 22 (1) (a) the Central Board each year shall apportion each provisional quota to active and dormant provisional quota as at a date or dates determined by the Sugar Association from time to time.

(iii) Active and dormant provisional quota shall be the proportions of each grower's provisional quota which such grower's planted and unplanted areas of allotted provisional quota land, as determined by the Central Board at the date or dates concerned, bear respectively to their sum.

No deliveries from unregistered land

(3) (a) Save as may be authorised in terms of clause 35, no grower shall be entitled to deliver cane to a mill from land which has not been registered with the Central Board as his quota land in respect of the quota concerned.

Prohibition against extension of quota land

(b) Growers shall not extend or change their registered quota land except in terms of this Agreement.

Growers' Register of quotas and quota land

(c) The Central Board shall keep a register of the names of each grower, his quota and the specific area of his quota land from which he is permitted to deliver cane to a mill in fulfilment of his quota. This register shall be known as the Growers' Register.

Voorwaardelike kwota

(c) (i) 'n Voorwaardelike kwota is 'n kwota wat toegeken is deur die Minister soos voorgeskryf in klousule 16 of deur die Sentrale Raad soos voorgeskryf in klousule 20, of wat vasgestel is deur die Sentrale Raad soos voorgeskryf in klousule 21.

(ii) Gedurende tydperke van beperkende produksiebeheer waarna in klousule 22 (1) (a) verwys word moet die Sentrale Raad elke voorwaardelike kwota verdeel in aktiewe en onaktiewe voorwaardelike kwota soos op 'n datum of datums wat van tyd tot tyd deur die Suikervereniging bepaal word.

(iii) Elke kweker se voorwaardelike kwota word verdeel in aktiewe en onaktiewe voorwaardelike kwota in dieselfde verhouding as wat sodanige kweker se beplante en onbeplante oppervlakte toegekende uitbreidingsgrond, soos deur die Sentrale Raad op die betrokke datum of datums bepaal, onderskeidelik tot hul som staan.

(iv) Die Sentrale Raad kan van tyd tot tyd 'n kweker se aktiewe voorwaardelike kwota verhoog en sodanige kweker se onaktiewe voorwaardelike kwota eweredig verminder indien sodanige kweker die betrokke Meulgroepraad en die Sentrale Raad daarvan oortuig dat die oes wat op sy totale kwotagrond staan wat dan onder riet is, 'n normale oes is en as sodanig die ekwivalente som van sy basiese en aktiewe voorwaardelike kwotas oorskry.

(v) 'n Aktiewe voorwaardelike kwota val nie terug in 'n onaktiewe voorwaardelike kwota indien die uitbreidingsgrond waarop sodanige aktiewe voorwaardelike kwota toegeken is daarna aan rietproduksie onttrek word nie.

Voorlopige kwota

(d) (i) 'n Voorlopige kwota is die geheel of 'n gedeelte van 'n basiese kwota waarvan die oordrag deur die Sentrale Raad goedgekeur is sonder die oordrag van 'n eweredige oppervlakte geregistreerde kwotagrond waarvan sodanige kwota verbonde was.

(ii) Gedurende tydperke van beperkende produksiebeheer in klousule 22 (1) (a) bedoel, verdeel die Sentrale Raad elke jaar elke voorlopige kwota in aktiewe en onaktiewe voorlopige kwota soos op 'n datum of datums wat van tyd tot tyd deur die Suikervereniging bepaal word.

(iii) Elke kweker se voorlopige kwota word verdeel in aktiewe en onaktiewe voorlopige kwota in dieselfde verhouding as wat sodanige kweker se beplante en onbeplante oppervlakte toegekende voorlopige kwotagrond, soos deur die Sentrale Raad op die betrokke datum of datums bepaal, onderskeidelik tot hul som staan.

Geen lewerings vanaf ongeregisteerde grond

(3) (a) Tensy hy ingevolge klousule 35 daartoe gemagtig is, is geen kweker geregtig om riet aan 'n meul te lewer vanaf grond wat ten opsigte van die betrokke kwota nie by die Sentrale Raad as sy kwotagrond geregistreer is nie.

Verbod op uitbreiding van kwotagrond

(b) Uitgesonderd ingevolge hierdie Ooreenkoms, mag kwekers nie hulle geregistreerde kwotagrond uitbrei of verander nie.

Kwekersregister van kwotas en kwotagrond

(c) Die Sentrale Raad moet 'n register hou van die name van elke kweker, sy kwota en die bepaalde oppervlakte van sy kwotagrond waarvandaan hy toegelaat word om riet aan 'n meul te lewer ter vervulling van sy kwota. Hierdie register moet as die Kwekersregister bekend staan.

Custody of the Growers' Register

(d) The Central Board shall continuously revise the Growers' Register when giving effect to the Agreement and shall issue a revised edition as at 1 May each year showing all amendments made to such Register during the course of the previous year, copies of which shall be despatched to the Sugar Association and the Secretary for Industries.

Establishment of contingency and provisional quotas as basic quotas

(4) (a) Contingency quotas and provisional quotas are subject to performance by growers before they can be translated into basic quotas. Any grower who is recorded in the Growers' Register with a contingency quota only, or with a provisional quota only, or with a contingency and a provisional quota but no basic quota, shall be granted a basic quota by the Central Board equal to one half of his first delivery, and such basic quota shall be deducted from his contingency quota or provisional quota or from both his contingency and provisional quotas in the proportion which each bears to their sum.

Increase of basic quotas

(b) The Central Board shall increase the basic quota of any grower to the extent that his delivery in any year plus his delivery in the previous year divided by two exceeds his basic quota: Provided that—

(i) if such grower also holds a contingency quota or provisional quota the amount of such increase shall be deducted from his contingency or provisional quota;

(ii) that if such grower also holds both a contingency quota and a provisional quota, such increase shall be deducted from both his contingency and provisional quotas in the proportion which each bears to their sum; and

(iii) if the Central Board has apportioned such grower's contingency quota or provisional quota into active and dormant quota as provided in subclause (2), any deductions required to be made in terms of subparagraphs (i) and (ii) shall be made first from his dormant quota concerned.

Cancellation of contingency and provisional quotas

(c) Any contingency quota and any provisional quota, which has not been translated into basic quota within four consecutive years during which control of production has been suspended in terms of clause 22, shall be cancelled and shall be deleted from the Growers' Register. The period of four consecutive years shall commence on 1 May following the date on which such contingency quota was allotted or the transfer of such provisional quota was approved by the Central Board and in the event of control of production being imposed while a contingency or provisional quota is being translated into a basic quota, such period shall recommence on 1 May following the date on which control of production is again suspended.

Effective date of adjustments to quotas

(d) Any adjustment of quotas in terms of paragraphs (a), (b) or (c) of this subclause and the corresponding amendment of the Growers' Register shall come into effect on 1 May in the next succeeding year.

Bewaring van Kwekersregister

(d) By die uitvoering van die Ooreenkoms moet die Sentrale Raad die Kwekersregister deurlopend hersien en elke jaar 'n hersiene uitgawe soos op 1 Mei uitreik wat al die wysigings weerspieël wat gedurende die loop van die vorige jaar aan sodanige Kwekersregister aangebring is, afskrifte van welke hersiene uitgawe aan die Suikervereniging en die Sekretaris van Nywerheidswese gestuur moet word.

Omskepping van voorwaardelike en voorlopige kwotas in basiese kwotas

(4) (a) Voorwaardelike kwotas en voorlopige kwotas is onderworpe aan vervulling deur kwekers voordat dit in basiese kwotas omgeskep kan word. Aan 'n kweker vir wie daar in die Kwekersregister slegs 'n voorwaardelike kwota aangeteken is, of slegs 'n voorlopige kwota, of 'n voorwaardelike en 'n voorlopige kwota maar geen basiese kwota nie, moet die Sentrale Raad 'n basiese kwota toestaan wat gelyk is aan die helfte van sy eerste lewering, en sodanige basiese kwota moet van sy voorwaardelike kwota of voorlopige kwota of van beide sy voorwaardelike en sy voorlopige kwota afgetrek word in die verhouding waarin elkeen tot hul som staan.

Verhoging van basiese kwotas

(b) Die Sentrale Raad moet die basiese kwota van 'n kweker verhoog in die mate waarin sy lewering in enige jaar plus sy lewering in die vorige jaar gedeel deur twee, sy basiese kwota te bowe gaan: Met dien verstande dat—

(i) indien sodanige kweker ook 'n voorwaardelike kwota of 'n voorlopige kwota het, die hoeveelheid van sodanige verhoging van sy voorwaardelike of voorlopige kwota afgetrek moet word;

(ii) indien sodanige kweker beide 'n voorwaardelike kwota en 'n voorlopige kwota ook het, sodanige verhoging van beide sy voorwaardelike en sy voorlopige kwota afgetrek moet word in die verhouding waarin elkeen tot hulle som staan;

(iii) indien die Sentrale Raad sodanige kweker se voorwaardelike kwota of voorlopige kwota in aktiewe en onaktiewe kwota verdeel het, soos voorsien is in subklousule (2), enige afrekkings wat ooreenkomstig subparagrafe (i) en (ii) gedoen moet word, eerste van sy betrokke onaktiewe kwota gedoen moet word.

Kanselling van voorwaardelike en voorlopige kwotas

(c) 'n Voorwaardelike kwota en 'n voorlopige kwota wat nie in 'n basiese kwota omgeskep is binne vier opeenvolgende jare waartydens produksiebeheer ingevolge klousule 22 opgeskort is nie, moet gekanselleer en van die Kwekersregister geskrap word. Die tydperk van vier opeenvolgende jare begin op 1 Mei wat volg op die datum waarop sodanige voorwaardelike kwota toegeken is of waarop die oordrag van sodanige voorlopige kwota deur die Sentrale Raad goedgekeur is, en ingeval produksiebeheer ingestel word op die tydstip dat 'n voorwaardelike of voorlopige kwota in 'n basiese kwota omgeskep word, neem sodanige tydperk weer 'n aanvang op 1 Mei wat volg op die datum waarop produksiebeheer weer opgeskort word.

Effektiewe datum van wysigings van kwotas

(d) 'n Wysiging van kwotas ingevolge paragraaf (a), (b) of (c) van hierdie subklousule en die ooreenstemmende wysiging van die Kwekersregister tree in werking op 1 Mei van die eersvolgende jaar.

Contingency and provisional quotas to be portions of total quota

(5) Each contingency or provisional quota shall represent the unfulfilled portion of the total quota of the grower concerned and shall be subject to adjustment in terms of this Agreement.

Bar to establishment of basic quotas

(6) (a) The Central Board may refuse to grant a basic quota to, or increase the basic quota of, any grower in the Growers' Register, unless it is satisfied that his deliveries were made only from land registered in respect of the quota and the grower concerned and from no other land, unless such deliveries were duly authorised by the Central Board under the provisions of clause 35.

(b) Should the Central Board be satisfied that a grower's deliveries were not made only from land registered in respect of the quota and the grower concerned, and should such deliveries not have been authorised by the Central Board under the provisions of clause 35, the Central Board shall have the power to cancel and delete such deliveries in the name of the grower concerned, whereupon they shall be recorded as suspense cane, payment for which shall be made to the Sugar Association.

Contingency quotas allocation by Minister

16. (1) The Minister may allocate contingency quotas, not exceeding 435 metric tons of sucrose (equivalent to 3 175 metric tons of cane) to new growers not being registered quota growers or persons holding an interest in a quota, save that, after consultation with the Sugar Association, he may allocate such quota to such excluded persons in respect of unregistered land held by them, and may also allocate an increase in the existing quotas of growers, provided that all such allocations shall be subject to the Minister being satisfied that adequate milling facilities will be available.

(2) Every grower to whom a quota has been allocated in terms of subclause (1) shall be registered by the Central Board in respect of his quota, quota land and the miller concerned, and the Growers' Register shall be amended accordingly.

Registration of quota land

17. (1) The Central Board shall register a specific area of cane land in respect of each grower as his quota land from which he may deliver cane to a mill in fulfilment of his quota.

(2) (a) The land to be registered as quota land shall be the land under cane shown on a survey map acceptable to the Central Board prepared as at the final date on which the grower concerned was granted permission to plant cane in terms of this Agreement, plus fallow land and land which the grower proves to the satisfaction of the Central Board to have been part of the grower's quota land previously registered by the Central Board, but excluding land which has been abandoned as cane land as the result of a substitution of quota land effected in terms of this Agreement. The area which shall be registered as the quota land of any grower shall be the area which he or a former holder of the quota concerned was permitted to plant to cane in terms of this Agreement, as determined by the Central Board, whose decision shall be final.

Voorwaardelike en voorlopige kwotas vorm gedeeltes van totale kwota

(5) Elke voorwaardelike of voorlopige kwota verteenwoordig die onvervulde gedeelte van die totale kwota van die betrokke kweker en is onderworpe aan wysings ingevolge hierdie Ooreenkoms.

Weiering tot daarstelling van basiese kwota

(6) (a) Die Sentrale Raad kan weier om aan 'n kweker in die Kwekersregister 'n basiese kwota toe te staan of om sy basiese kwota te verhoog, tensy die Raad oortuig is dat sy lewerings gedoen is slegs vanaf grond wat ten opsigte van die betrokke kwota en kweker geregistreer is en vanaf geen ander grond nie, tensy sodanige lewerings behoorlik deur die Sentrale Raad ingevolge klousule 35 gemagtig is.

(b) Indien die Sentrale Raad oortuig is dat 'n kweker se lewerings gedoen is nie slegs vanaf grond wat ten opsigte van die betrokke kwota en kweker geregistreer is nie en indien sodanige lewerings nie ingevolge klousule 35 deur die Sentrale Raad gemagtig is nie, is die Sentrale Raad daartoe bevoeg om sodanige lewerings op naam van die betrokke kweker te kanselleer en te skrap, waarna sodanige lewerings as opgeskorte riet aangeteken moet word, vir welke opgeskorte riet daar aan die Suikervereniging betaling gedoen moet word.

Voorwaardelike kwotas toekenning deur Minister

16. (1) Die Minister kan voorwaardelike kwotas van hoogstens 435 metrieke ton sukrose (gelykstaande met 3 175 metrieke ton riet) aan nuwe kwekers wat nie geregistreerde kwotakwekers of belanghebbendes by 'n kwota is nie, toeken, behalwe dat hy, na beraadslaging met die Suikervereniging, so 'n kwota aan sulke uitgeslote persone kan toeken ten opsigte van ongeregistreerde grond wat in hul besit is, en ook 'n verhoging in die bestaande kwotas van kwekers kan toeken, met dien verstande dat alle sodanige toekennings daaraan onderworpe is dat die Minister oortuig is dat toereikende meulfasiliteite beskikbaar sal wees.

(2) Elke kweker aan wie 'n kwota ingevolge subklousule (1) toegeken is, moet ten opsigte van sy kwota, kwotagrond en die betrokke meulenaar deur die Sentrale Raad geregistreer word en die Kwekersregister moet dienoreenkomstig gewysig word.

Registrasie van kwotagrond

17. (1) Die Sentrale Raad moet ten opsigte van elke kweker 'n bepaalde oppervlakte rietgrond as sy kwotagrond registreer waarvandaan hy riet aan 'n meul kan lewer ter vervulling van sy kwota.

(2) (a) Die grond wat as kwotagrond geregistreer word, is die grond onder riet soos aangedui op 'n opmetingskaart wat vir die Sentrale Raad aanvaarbaar is en wat opgestel is soos op die finale datum waarop daar aan die betrokke kweker toestemming verleen is om ingevolge hierdie Ooreenkoms riet te plant, sowel as braakgrond en grond wat die kweker tot tevredenheid van die Sentrale Raad bewys deel was van die kweker se kwotagrond wat voorheen by die Sentrale Raad geregistreer was, maar uitgesonderd grond wat as rietgrond in onbruik geraak het as gevolg van 'n vervanging van kwotagrond ingevolge hierdie Ooreenkoms bewerkstellig. Die oppervlakte wat as die kwotagrond van 'n kweker geregistreer moet word, is die oppervlakte wat hy of 'n vorige houder van die betrokke kwota toegelaat is om ingevolge hierdie Ooreenkoms met riet te beplant, soos bepaal deur die Sentrale Raad, wie se besluit finaal is.

(b) If it is satisfied that an application for, and the allotment of, a specific area of new or extension land was based on an estimate and not on a survey plan thereof, the Central Board, when determining the area of quota land in terms of paragraph (a), shall not be bound by any rule applicable to such allotment which limits the area to be registered to the specific area allotted, but may register the total area of land under cane as it appears on a grower's survey plan, whether such total area is more or less than the specific area of such allotment in the case of a new allotment, or more or less than the sum of such area and any other areas which the Central Board is required to register in terms of paragraph (a) in the case of an allotment of extension land.

(3) The Central Board shall have the power to determine or redetermine the extent of a grower's quota land and to reduce or increase and re-register the quota land of any grower whose quota has been reduced or increased in terms of this Agreement.

(4) The registration of the quota land of any grower, including a transferee, successor, new allottee or reinstated grower, or the registration of any extension or substitution of quota land, including land registered in terms of clause 16, shall have effect from a date to be determined by the Central Board.

(5) The allocation of a quota to any grower under this Agreement shall be subject to the registration of his quota land in terms of this clause and it shall be a condition of such allocation that the quota holder furnish the Central Board or any person acting on its behalf with full particulars from which the land to be registered as his quota land can be identified.

(6) No grower who has, due to the effects of control of production, as provided for in this Agreement, reduced his area under cane to an area less than the area of his quota land as registered by the Central Board in terms of this clause, shall have the area of his quota land reduced to an area less than the area so registered.

Registration of Black, Indian or Coloured quota land

18. The Central Board shall assess the extent of the quota land of any Black, Indian or Coloured grower whose quota land has not yet been registered in terms of clause 17, and such extent shall correspond to the quota in the Growers' Register of the grower concerned as at the said date in the ratio of not less than 1 hectare to 4,5 metric tons of sucrose quota. Such assessment of the quota lands of the growers concerned shall be deemed to be a registration of quota land for purposes of this Agreement until replaced by a registration of quota land in terms of clause 17.

Year of delivery of cane

19. Any cane delivered by a grower for the production of sugar in the month of April and any sugar so produced shall be for the account of the immediately succeeding year.

(b) Indien die Sentrale Raad oortuig is dat 'n aansoek om, en die toekenning van, 'n bepaalde oppervlakte nuwe grond of uitbreidingsgrond gebaseer was op 'n skatting en nie op 'n opmetingsplan daarvan nie, is die Raad, by die bepaling van die oppervlakte kwota-grond ingevolge paragraaf (a), nie gebonde aan enige reël wat op sodanige toekenning van toepassing is en wat die oppervlakte wat geregistreer moet word, beperk tot die bepaalde toegekende oppervlakte nie, maar kan hy die totale oppervlakte grond registreer wat onder riet is soos dit op die kweker se opmetingsplan verskyn, hetsy sodanige totale oppervlakte, in die geval van 'n toekenning van nuwe grond, meer of minder is as die bepaalde oppervlakte van sodanige toekenning, hetsy sodanige totale oppervlakte, in die geval van 'n toekenning van uitbreidingsgrond, meer of minder is as die som van sodanige oppervlakte en enige ander oppervlaktes wat die Sentrale Raad ingevolge paragraaf (a) moet registreer.

(3) Die Sentrale Raad is daartoe bevoeg om die omvang van 'n kweker se kwotagrond te bepaal of te herbepaal en om die kwotagrond van 'n kweker wie se kwota ingevolge hierdie Ooreenkoms verlaag of verhoog is, te verminder of te vermeerder en te herregistreer.

(4) Die registrasie van die kwotagrond van 'n kweker, met inbegrip van 'n oordragnemer, 'n opvolger, 'n nuwe kwotahouer of 'n herstelde kweker, of die registrasie van 'n uitbreiding of vervanging van kwotagrond, met inbegrip van grond wat ingevolge klousule 16 geregistreer is, tree in werking vanaf 'n datum wat deur die Sentrale Raad bepaal word.

(5) Die toekenning van 'n kwota aan enige kweker kragtens hierdie Ooreenkoms is onderworpe aan die registrasie van sy kwotagrond ingevolge hierdie klousule en dit is 'n voorwaarde van sodanige toekenning dat die kwotahouer die Sentrale Raad of enige persoon wat ten behoeve van die Raad optree, moet voorsien van volle besonderhede waarvolgens die grond wat as sy kwotagrond geregistreer moet word uitgeken kan word.

(6) Geen kweker wat vanweë die gevolge van produksiebeheer, soos in hierdie Ooreenkoms voorsien, sy oppervlakte onder riet verminder het tot 'n oppervlakte kleiner as die oppervlakte van sy kwotagrond soos deur die Sentrale Raad ingevolge hierdie klousule geregistreer, se oppervlakte van sy kwotagrond kan verminder word tot 'n oppervlakte wat kleiner is as die oppervlakte aldus geregistreer nie.

Registrasie van kwotagrond van Swart, Indiër- of Kleurlingkwekers

18. Die Sentrale Raad bepaal die grootte van die kwotagrond van 'n Swart, Indiër- of Kleurlingkweker wie se kwotagrond nog nie ingevolge klousule 17 geregistreer is nie, en sodanige grootte moet met die kwota in die Kwekersregister van die betrokke kweker op genoemde datum in die verhouding van nie minder nie as 1 hektaar tot 4,5 metrieke ton suikrosekwota ooreenstem. Sodanige bepaling van die kwotagrond van die betrokke kwekers word vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms 'n registrasie van kwotagrond geag te wees totdat dit deur 'n registrasie van kwotagrond ingevolge klousule 17 vervang is.

Jaar van lewering van riet

19. Riet wat in die maand April deur 'n kweker gelewer word vir die produksie van suiker, en suiker wat aldus geproduseer word, kom op die rekening van die eersvolgende jaar.

Allotment of quota land and quotas

20. (1) The Central Board shall on a mandate from the Sugar Association, duly approved by the Minister, grant permission for specific areas of land, with or without quotas attaching thereto, to be planted to cane by applicant growers subject to such terms or conditions and for delivery to such mills as may be covered by such mandate.

(2) The Central Board may lay down such rules of procedure as it may deem necessary or expedient for the due fulfilment of any such mandate.

(3) The terms or conditions of such mandate to, and the rules of procedure laid down by, the Central Board in respect thereof shall be binding upon every grower, miller and refiner.

(4) Every applicant grower to whom permission is granted to plant a specific area of land to cane shall be bound, *ipso facto*, by the provisions of this Agreement.

Determination of contingency quotas

21. Whenever the Central Board has granted permission to a grower to plant a specific area of land to cane as provided in clause 20 without attaching a quota thereto, and control of production is imposed in terms of clause 22 while such grower is recorded in the Growers' Register with new or extension land, the Central Board shall determine a contingency quota in respect of, and commensurate with, such specific area and enter it in the Growers' Register.

Restrictive control of production

22. (1) (a) Restrictive control of production shall come into operation according to available markets and may be suspended or imposed from time to time as may be determined by the Sugar Association and approved by the Minister.

Industrial sugar and sucrose quotas

(b) The Sugar Association shall, with the approval of the Minister, each year determine the approximate industrial sugar quota that may be produced by all millers upon whom this agreement is binding, as well as its conversion into an industrial sucrose quota at the average conversion ratio of the previous year's production or such other ratio as may be agreed to. This determination shall reflect the position as at 1 May and shall be reviewed thereafter at such intervals as may be agreed upon by the Sugar Association with the approval of the Minister for the purposes of carrying out the provisions of this clause.

Farm mean peaks

(2) (a) Each Mill Group Board referred to in clause 24 shall, in accordance with the provisions of this sub-clause, establish for each grower under its jurisdiction, a farm mean peak in metric tons of sucrose as at 1 May each year and thereafter at such intervals as may be prescribed by the Central Board. The method of establishing such farm mean peak shall be as follows:

(b) For any grower who only holds a basic quota, the farm mean peak shall equal such quota.

Toekenning van kwotagrond en kwotas

20. (1) Die Sentrale Raad moet in opdrag van die Suikervereniging, welke opdrag deur die Minister behoorlik goedgekeur moet wees, toestemming verleen dat bepaalde oppervlakte grond, met of sonder kwotas daaraan verbonde, deur applikant-kwekers met riet beplant word, behoudens sodanige bedinge of voorwaardes en vir lewering aan sodanige meul of meule as wat deur sodanige opdrag gedek word.

(2) Die Sentrale Raad kan sodanige prosedurereëls bepaal as wat hy nodig of gerade ag vir die behoorlike uitvoering van enige sodanige opdrag.

(3) Die bepalinge of voorwaardes van sodanige opdrag aan en die prosedurereëls ten opsigte daarvan voorgeskryf deur die Sentrale Raad, is bindend vir elke kweker, meulenaar en raffineerder.

(4) Elke applikant-kweker aan wie toestemming verleen word om 'n bepaalde oppervlakte grond met riet te beplant, is *ipso facto* deur die bepalinge van hierdie Ooreenkoms gebonde.

Vasstelling van voorwaardelike kwotas

21. Wanneer die Sentrale Raad ook al, soos in klousule 20 voorgeskryf, aan 'n kweker toestemming verleen het tot die beplanting van 'n bepaalde oppervlakte grond met riet sonder om 'n kwota daaraan te verbind, en daar ingevolge klousule 22 produksiebeheer ingestel word terwyl sodanige kweker in die Kwekersregister met nuwe grond of uitbreidingsgrond aangeteken staan, moet die Sentrale Raad 'n voorwaardelike kwota ten opsigte van, en eweredig aan, sodanige bepaalde oppervlakte vasstel en dit in die Kwekersregister inskryf.

Beperkende produksiebeheer

22. (1) (a) Beperkende produksiebeheer word toegepas ooreenkomstig die beskikbare markte en kan van tyd tot tyd opgeskort of ingestel word soos deur die Suikervereniging bepaal en deur die Minister goedgekeur.

Nywerheidsuiker- en rietkwotas

(b) Die Suikervereniging stel met die goedkeuring van die Minister elke jaar die benaderde nywerheidsuikerkwota vas wat deur alle meulenaars vir wie hierdie Ooreenkoms bindend is, geproduseer kan word, sowel as die omrekening daarvan in 'n nywerheidsuikrokwota teen die gemiddelde omrekeningsverhouding van die vorige jaar se produksie, of teen sodanige ander verhouding waarvoor ooreengekom word. Hierdie vasstelling weerspieël die posisie soos op 1 Mei en word daarna by sodanige tussenpose hersien as wat met die goedkeuring van die Minister deur die Suikervereniging ooreengekom mag word met die doel om aan die bepalinge van hierdie klousule uitvoering te gee.

Gemiddelde plaasmaksima

(2) (a) Elke Meulgroepraad in klousule 24 bedoel, stel ooreenkomstig die bepalinge van hierdie subklousule, vir elke kweker onder sy jurisdiksie 'n gemiddelde plaasmaksimum (hoogste gemiddelde) in metrieke ton suikro op 1 Mei elke jaar vas en daarna by sodanige tussenpose as wat deur die Sentrale Raad voorgeskryf word. Die metode om so 'n gemiddelde plaasmaksimum vas te stel, is soos volg:

(b) Vir 'n kweker wat slegs 'n basiese kwota het, is die gemiddelde plaasmaksimum gelyk aan sodanige kwota.

(c) (i) For any grower whose allotment of land in terms of clause 20 is recorded in the Growers' Register for the first time without a basic quota, the farm mean peak each year for the period of four consecutive years commencing with the first year during which he may deliver cane, shall equal his estimate in sucrose as approved by his Mill Group Board and shall be his delivery quota, after which period his farm mean peak shall be determined in terms of paragraph (b) of this subclause.

(ii) For any grower who holds a basic plus a contingency quota, other than a grower referred to in paragraph (c) (i), the farm mean peak shall equal his basic quota plus his active contingency quota.

(d) For any grower who holds a provisional quota or a basic quota plus a provisional quota, the farm mean peak shall equal his active provisional quota or his basic quota plus his active provisional quota as the case may be.

(e) For any grower who holds a basic quota plus a contingency quota plus a provisional quota the farm mean peak shall equal his basic quota plus his active contingency quota plus his active provisional quota.

Industrial restriction factor

(3) The Central Board shall obtain from Mill Group Boards and its own resources the data necessary in order to enable the Sugar Association to determine from time to time an industrial restriction factor upon the basis of—

(a) the industrial sucrose quota, less the sucrose equivalent of—

(i) the estimates of growers referred to in clause 22 (2) (c) (i);

(ii) the estimates not exceeding 70 metric tons sucrose each, of all growers whose farm mean peaks reduced by an estimated restriction factor do not exceed 70 metric tons sucrose; and

(iii) cane permitted to be delivered in terms of the provisions of clause 35;

(b) the industrial total of all farm mean peaks which exceed 70 metric tons sucrose.

Delivery quota schedule

(4) Upon a basis comprising growers' farms mean peaks the application of the aforesaid restriction factor thereto, growers' cane estimates for the year and the distribution of shortfalls in estimates as compared with growers' delivery quotas, as provided for hereunder, there shall be prepared a delivery quota schedule for the purpose of controlling growers' deliveries within the limits of their delivery quotas or adjusted delivery quotas for the year concerned. Such schedule shall be prepared in accordance with such guiding rules as the Central Board may prescribe and shall reflect the position at 1 May of each year and thereafter at the date prescribed by the Central Board: Provided that the Central Board shall determine the date at which the final delivery quota schedule for the year shall be prepared and upon the basis of such final schedule the industrial restriction factor referred to in subclause (3) shall be finally determined for the year concerned. Such final schedule shall be subject to revision only as regards further possible shortfall distribution, unless otherwise determined by the Central Board.

(c) (i) Vir 'n kweker wie se grondtoekenning ingevolge klousule 20 vir die eerste keer in die Kwekers-register sonder 'n basiese kwota aangeteken word, is die gemiddelde plaasmaksimum elke jaar vir die tydperk van vier opeenvolgende jare wat begin met die eerste jaar waarin hy riet mag lewer, gelyk aan sy geskatte suikroreproduksie soos deur sy Meulgroepraad goedgekeur en is genoemde gemiddelde plaasmaksimum sy leweringskwota, ná welke tydperk sy gemiddelde plaasmaksimum bepaal moet word ingevolge paragraaf (b) van hierdie subklousule.

(ii) Vir 'n kweker wat 'n basiese sowel as 'n voorwaardelike kwota het, uitgesonderd 'n kweker in paragraaf (c) (i) bedoel, is die gemiddelde plaasmaksimum gelyk aan sy basiese kwota plus sy aktiewe voorwaardelike kwota.

(d) Vir 'n kweker wat 'n voorlopige kwota of 'n basiese kwota sowel as 'n voorlopige kwota het, is die gemiddelde plaasmaksimum gelyk aan sy aktiewe voorlopige kwota of sy basiese kwota plus sy aktiewe voorlopige kwota, na gelang van die geval.

(e) Vir 'n kweker wat 'n basiese kwota sowel as 'n voorwaardelike kwota sowel as 'n voorlopige kwota het, is die gemiddelde plaasmaksimum gelyk aan sy basiese kwota plus sy aktiewe voorwaardelike kwota plus sy aktiewe voorlopige kwota.

Nywerheidsbeperkingsfaktor

(3) Die Sentrale Raad moet van Meulgroeprade en uit sy eie hulpbronne die data verkry wat nodig is om die Suikervereniging in staat te stel om van tyd tot tyd 'n nywerheidsbeperkingsfaktor te bepaal op die basis van—

(a) die nywerheidsuikrorekwota min die suikrorekwivalent van—

(i) die skattings van kwekers in klousule 22 (2)

(c) (i) bedoel;

(ii) die skattings wat nie 70 metrieke ton suikrore elk oorskry nie, van alle kwekers wie se gemiddelde plaasmaksima verminder met 'n geskatte beperkingsfaktor nie 70 metrieke ton suikrore oorskry nie; en

(iii) riet wat ooreenkomstig die bepaling van klousule 35 gelewer kan word;

(b) die nywerheidstotaal van alle gemiddelde plaasmaksima wat 70 metrieke ton suikrore oorskry.

Staat van leweringskwotas

(4) Op 'n basis omvattende kwekers se gemiddelde plaasmaksima, die toepassing van voornoemde beperkingsfaktor daarop, kwekers se rietskattings vir die jaar en die verdeling van tekorte in skattings vergeleke met kwekers se leweringskwotas, soos hieronder daarvoor voorsiening gemaak word, word 'n staat van leweringskwotas opgestel met die doel om kwekers se lewerings binne die perke van hul leweringskwotas of aangepaste leweringskwotas vir die betrokke jaar te beheer. Sodanige staat word opgestel ooreenkomstig sodanige gidsreëls as wat die Sentrale Raad voorskryf, en weerspieël die posisie op 1 Mei van elke jaar en daarna op die datum deur die Sentrale Raad voorgeskryf: Met dien verstande dat die Sentrale Raad die datum moet bepaal waarop die finale staat van leweringskwotas vir die jaar opgestel moet word en dat op die basis van sodanige finale staat die nywerheidsbeperkingsfaktor in subklousule (3) bedoel, finaal vir die betrokke jaar vasgestel word. Sodanige finale staat is slegs wat die verdeling van verdere moontlike tekorte betref, aan hersiening onderworpe, tensy die Sentrale Raad anders bepaal.

Shortfall distribution

(5) (a) In such delivery quota schedule provision shall be made for a distribution of growers' shortfalls, being any excess of the delivery quotas over their estimates or actual deliveries. For the purpose of this subclause the shortfalls of growers concerned at each mill or group of mills that may be combined for the purposes of production control, shall in the first instance be dealt with on a sectional basis, that is to say: Shortfalls of White growers, including White miller-cum-planters, at a mill or group of mills that may be combined for purposes of production control, shall be reserved for distribution to such White growers and White miller-cum-planters in accordance with the method set out hereinafter; shortfalls of Indian growers at a mill or group of mills that may be combined for the purposes of production control, shall be reserved for distribution to such Indian growers in accordance with the method set out hereinafter; shortfalls of Black growers at a mill or group of mills that may be combined for the purposes of production control, shall be reserved for distribution to such Black growers in accordance with the method set out hereinafter; and shortfalls of Dunn's Reserve Mangete Growers at a mill or group of mills that may be combined for the purposes of production control, shall be reserved for distribution to such Dunn's Reserve Mangete Growers in accordance with the method set out hereinafter.

White growers

(b) The shortfalls of all White growers, including White miller-cum-planters, at a mill or group of mills that may be combined for the purposes of production control, shall be pooled and distributed by the Mill Group Board pro rata to the farm mean peaks of the remaining White growers (including White miller-cum-planters) whose estimates exceed their delivery quotas: Provided that if, after repeating this method of distribution, neither the shortfalls nor the surpluses are exhausted, the Mill Group Board may determine whether to continue with this method or to distribute any remaining shortfall pro rata to any remaining surpluses in one final calculation.

Indian growers

(c) The shortfalls of all Indian growers at a mill or group of mills that may be combined for the purposes of production control, shall be pooled by the Mill Group Board. The total shortfall shall thereafter be allocated to those Indian growers with surpluses whose delivery quotas are less than 70 metric tons of sucrose, pro rata to the farm mean peaks of such growers so as to bring their individual adjusted delivery quotas up to 70 metric tons of sucrose. Any shortfall remaining after the foregoing distribution has been completed, shall be distributed to all Indian growers with surplus cane pro rata to the farm mean peaks of the said growers with surpluses.

Black growers

(d) The shortfalls of all Black growers shall be distributed in accordance with the methods set out in the Group Quota Scheme for Black growers as determined by the Central Board and approved by the Sugar Association in consultation with the Minister, as provided in clause 23 (3).

Verdeling van tekorte

(5) (a) In so 'n staat van leweringskwotas word voorsiening gemaak vir die verdeling van kwekers se tekorte, wat die hoeveelheid is waarmee die leweringskwotas hulle skattings of werklike lewerings te bowe gaan. Vir die doel van hierdie subklousule word die tekorte van die betrokke kwekers by elke meul of groep meule wat vir produksiebeheerdoeleindes gekombineer mag wees, in die eerste instansie toegedeel op 'n seksionele basis, dit wil sê: tekorte van Blanke kwekers, insluitende Blanke meulenaar-cum-planters, by 'n meul, of groep meule wat vir produksiebeheerdoeleindes gekombineer mag wees, word gereserveer vir verdeling onder sodanige Blanke kwekers en Blanke meulenaar-cum-planters volgens die metode hieronder uiteengesit; tekorte van Indiërkwekers by 'n meul, of groep meule wat vir produksiebeheerdoeleindes gekombineer mag wees, word gereserveer vir verdeling onder sodanige Indiërkwekers volgens die metode hieronder uiteengesit; tekorte van Swart kwekers by 'n meul, of groep meule wat vir produksiebeheerdoeleindes gekombineer mag wees, word gereserveer vir verdeling onder sodanige Swart kwekers volgens die metode hieronder uiteengesit; en tekorte van Dunn's Reserve Mangete-kwekers by 'n meul, of groep meule wat vir produksiebeheerdoeleindes gekombineer mag wees, word gereserveer vir verdeling onder sodanige Dunn's Reserve Mangete-kwekers volgens die metode hieronder uiteengesit.

Blanke kwekers

(b) Die tekorte van alle Blanke kwekers, insluitende Blanke meulenaar-cum-planters, by 'n meul, of groep meule wat vir produksiebeheerdoeleindes gekombineer mag wees, word deur die Meulgroepraad verpoel en verdeel na verhouding van die gemiddelde plaasmaksima van die oorblywende Blanke kwekers (insluitende Blanke meulenaar-cum-planters), wie se skattings hul leweringskwotas oorskry: Met dien verstande dat, indien nóg die tekorte nóg die surplusse uitgewis is nadat hierdie verdelingmetode herhaal is, die Meulgroepraad kan besluit of hy met hierdie metode moet voortgaan dan wel of hy enige oorblywende tekort na verhouding van enige oorblywende surplusse in een finale berekening moet verdeel.

Indiërkwekers

(c) Die tekorte van alle Indiërkwekers by 'n meul, of groep meule wat vir produksiebeheerdoeleindes gekombineer mag wees, word deur die Meulgroepraad verpoel. Daarna word die totale tekort aan daardie Indiërkwekers met surplusse wie se leweringskwotas minder as 70 metrieke ton suikrose is, toegewys na verhouding van die gemiddelde plaasmaksima van sodanige kwekers ten einde hul individuele aangepaste leweringskwotas op 70 metrieke ton suikrose te staan te bring. Enige oorblywende tekort, nadat voornoemde verdeling gemaak is, word onder alle Indiërkwekers met surplusriet, verdeel na verhouding van die gemiddelde plaasmaksima van genoemde kwekers met surplusse.

Swart kwekers

(d) Die tekorte van alle Swart kwekers word verdeel volgens die metodes uiteengesit in die Groepkwotaskema vir Swart kwekers soos vasgestel deur die Sentrale Raad en goedgekeur deur die Suikervereniging in ooreenstemming met die Minister, soos bepaal in klousule 23 (3).

Mangete growers

(e) The shortfalls of all Dunn's Reserve Mangete Growers at a mill or group of mills that may be combined for the purposes of production control, shall be pooled by the Mill Group Board. The total shortfall shall thereafter be allocated to those Dunn's Reserve Mangete Growers with surpluses whose delivery quotas are less than 70 metric tons of sucrose, pro rata to the farm mean peaks of such growers so as to bring their individual adjusted delivery quotas up to 70 metric tons of sucrose. Any shortfall remaining after the foregoing distribution has been completed shall be available for distribution to all Dunn's Reserve Mangete Growers with surplus cane pro rata to the farm mean peaks of the said growers with surpluses.

Among sections

(f) Any net shortfall remaining in a section at any mill or group of mills combined for the purposes of production control, after all the available cane of that section has been accommodated, shall be distributed to the other sections referred to above at the same mill or group of mills combined for the purposes of production control, pro rata to the total farm mean peaks of such other sections and shall become part of the shortfall for distribution to those sections.

Re-distribution of shortfalls industrially

(6) Should the foregoing distribution of shortfalls result in the exhaustion of all surpluses for any mill group of growers concerned, the Mill Group Board shall report the remaining shortfall to the Central Board. The latter shall, after consultation with the Sugar Association, either cancel such shortfall outright or re-distribute the same among the remaining mill groups pro rata to their surpluses. Each mill group's share shall thereupon be distributed by the Mill Group Board concerned in terms of subclause (5).

Final estimates

(7) In order to enable such distribution shortfalls to be fulfilled by growers with surpluses during the crushing season concerned, every grower shall render to his Mill Group Board a final estimate as at the end of the September mill month or such other date as may be determined by the Central Board, when surpluses and shortfalls are to be finally established by the Mill Group Board for the year concerned.

Reduction of delivery quota

(8) (a) If, after allowing for a tolerance of 5 per cent on the remaining deliveries of any grower as from the end of the September mill month or such other date as may be determined by the Central Board, there is a shortfall in any grower's delivery during that year, including such tolerance, as compared with his final estimate rendered in terms of subclause (7) up to but not exceeding his seasonal delivery quota, the Central Board may reduce such grower's delivery quota in the next succeeding year by an amount not exceeding his shortfall in the previous year as determined above, provided, however, that where such a grower disposes of a portion or the whole of any quota held by him, the reduction shall be applied—

(i) against his successor where such successor acquires the whole of such grower's quota;

Mangete-kwekers

(e) Die tekorte van alle Dunn's Reserve Mangete-kwekers by 'n meul, of groep meule wat vir produksie-beheerdoeleindes gekombineer mag wees, word deur die Meulgroepraad verpoel. Die totale tekort word daarna aan daardie Dunn's Reserve Mangete-kwekers met surplusse wie se leweringskwotas minder as 70 metrieke ton suikrose is, toegewys na verhouding van die gemiddelde plaasmaksima van sodanige kwekers ten einde hul individuele aangepaste leweringskwotas op 70 metrieke ton suikrose te staan te bring. Enige oorblywende tekort, nadat voornoemde verdeling gemaak is, is beskikbaar vir verdeling onder alle Dunn's Reserve Mangete-kwekers met surplusriet, na verhouding van die gemiddelde plaasmaksima van genoemde kwekers met surplusse.

Onder seksies

(f) Enige oorblywende netto tekort in 'n seksie by enige meul, of groep meule wat vir produksiebeheerdoeleindes gekombineer mag wees, nadat al die beskikbare riet van daardie seksie opgeneem is, word onder die ander seksies hierbo genoem, by dieselfde meul, of groep meule wat vir produksiebeheerdoeleindes gekombineer mag wees, verdeel na verhouding van die totale gemiddelde plaasmaksima van sodanige ander seksies en maak dan deel uit van die tekort vir verdeling aan daardie seksies.

Herverdeling van tekorte in nywerheid

(6) Indien die voorgaande verdeling van tekorte sou meebring dat al die surplusse vir 'n betrokke meul-groepkwekers uitgewis raak, moet die Meulgroepraad die oorblywende tekort aan die Sentrale Raad rapporteer. Laasgenoemde moet dan, na oorlegpleging met die Suikervereniging, of sodanige tekort subiet kanselleer of dit onder die oorblywende meulgroep na verhouding van hul surplusse herverdeel. Elke meulgroep se aandeel word daarna ingevolge subklousule (5) deur die betrokke Meulgroepraad verdeel.

Finale skattings

(7) Ten einde dit moontlik te maak dat sodanige verdeelde tekorte vervul word deur kwekers wat oorskotte gedurende die betrokke persseisoen het, moet elke kweker 'n finale skatting soos aan die einde van die September-meulmaand of dié ander datum wat deur die Sentrale Raad bepaal word, by sy Meulgroepraad indien, wanneer surplusse en tekorte finaal deur die Meulgroepraad vir die betrokke jaar vasgestel moet word.

Verlaging van leweringskwota

(8) (a) Indien daar, nadat voorsiening gemaak is vir 'n speling van 5 persent ten opsigte van die oorblywende lewerings van 'n kweker vanaf die einde van die September-meulmaand of die ander datum wat deur die Sentrale Raad bepaal word, 'n tekort in 'n kweker se lewerings gedurende die jaar is, insluitende sodanige speling, vergeleke met sy finale skatting kragtens subklousule (7) ingedien, tot gelyk aan maar nie meer nie as sy seisoensleweringskwota, kan die Sentrale Raad sodanige kweker se leweringskwota in die daaropvolgende jaar verlaag met 'n hoeveelheid wat nie sy tekort in die vorige jaar, soos hierbo vasgestel, te bowe gaan nie, met dien verstande egter dat, waar sodanige kweker die hele kwota of 'n gedeelte van die kwota wat hy het, wegmaak, die verlaging toegepas word—

(i) teen sy opvolger, waar sodanige opvolger die hele kwota van die betrokke kweker bekom;

- (ii) where two or more growers purchase between them such grower's quota, against such grower's successors pro rata to their quotas so purchased; or
- (iii) where such grower retains a portion of the quota, against such grower and his successor pro rata to the quota retained by such grower and the quota purchased by such successor.

Reduction of sucrose quota during restriction

(b) The total quota of any grower who in each of four consecutive years fails to fulfil the delivery quota allocated to him shall be subject to review by the Central Board, which may reduce the total quota of the grower concerned to a tonnage equivalent to the highest delivery of sucrose made by the grower during any one year of the four consecutive years concerned.

Protection afforded when deliveries inadvertently curtailed

(c) No grower whose delivery quota allocation has been curtailed by his Mill Group Board in the belief that his total deliveries had sufficed to meet the limit of his delivery quota in any year shall be penalised for under-deliveries to the mill as determined at the end of the year concerned. If it should be found that such curtailment of a grower's delivery allocation has had the effect of his delivering less than the limit of his delivery quota in any year, he shall be entitled to have the shortfall added to his delivery quota as determined for him by his Mill Group Board in the following year.

Special delivery allocations

(9) (a) After notifying the Central Board, Mill Group Boards may make delivery allocations to growers at any time to secure the reasonably prompt delivery of cane damaged by frost, fire, drought, flood, pest or disease. Where, however, such allocation causes any grower's deliveries to exceed or whenever for any other reason a grower's deliveries exceed, his delivery quota or adjusted delivery quota, the amount of such excess deliveries shall be deductible from his delivery quota or adjusted delivery quota in the next succeeding year and, if necessary, in the year following, until the amount of such excess has been liquidated.

Payment for over-deliveries

(b) Notwithstanding anything to the contrary contained in clauses 42 and 46, but subject to paragraph (c), if a grower's deliveries of cane exceed his delivery quota or adjusted delivery quota by more than 0,5 per cent or 10 tons of cane, whichever is the greater, payment for all cane delivered by him in excess of his delivery quota or adjusted delivery quota shall be made in two instalments; a sum equal to the reasonable costs incurred by him in cutting, loading and transporting the amount of such excess cane, as certified by his Mill Group Board, shall be paid to him by the miller in the usual manner, and the balance shall be paid by the Sugar Association to him in one sum of money, free of interest, on 31 August following the year in which such excess delivery was made. The sums comprising the balance due to such grower shall be paid by the miller and the Central Board to the Sugar Association as and when they become payable to the

(ii) waar twee of meer kwekers gesamentlik die betrokke kweker se kwota aankoop, teen sodanige opvolgers van die betrokke kweker na verhouding van hul kwotas aldus aangekoop; of

(iii) waar sodanige kweker 'n gedeelte van die kwota behou, teen die betrokke kweker en sy opvolger na verhouding van die kwota behou deur die betrokke kweker en die kwota deur sodanige opvolger aangekoop.

Verlaging van suikrosekquota gedurende beperking

(b) Die totale kwota van 'n kweker wat in elk van vier opeenvolgende jare in gebreke bly om die leweringskwota te vervul wat aan hom toegeken is, is onderworpe aan hiersiening deur die Sentrale Raad, wat die totale kwota van die betrokke kweker kan verlaag tot 'n tonnemaat gelyk aan die hoogste suikroselewering wat die kweker gedurende enige van die betrokke vier opeenvolgende jare gedoen het.

Beskerming verleen wanneer lewerings onopsetlik besnoei is

(c) Geen kweker wie se leweringskwotatoekenning deur sy Meulgroepraad besnoei is in die oortuiging dat sy totale lewerings genoegsaam was om aan die perk van sy leweringskwota in enige jaar te voldoen, word gepenaliseer vir kortlewerings aan die meul soos aan die einde van die betrokke jaar bepaal nie. Indien gevind sou word dat sodanige besnoeiing van 'n kweker se leweringstoekenning die uitwerking gehad het dat hy minder gelewer het as die perk van sy leweringskwota in enige jaar, is hy daartoe geregtig om die tekort by sy leweringskwota, soos vir hom deur sy Meulgroepraad in die volgende jaar bepaal, bygetel te kry.

Spesiale leweringstoekenning

(9) (a) Meulgroeprade kan te eniger tyd, na kennisgewing aan die Sentrale Raad leweringstoekenning aan kwekers doen om te verseker dat riet wat deur ryp, brande, droogtes, oorstromings, plaie of siektes beskadig is, redelik stip gelewer word. Waar sodanige toekenning egter veroorsaak dat 'n kweker se lewerings sy leweringskwota of aangepaste leweringskwota te bowe gaan, of wanneer 'n kweker se lewerings om enige ander rede sy leweringskwota of aangepaste leweringskwota te bowe gaan, word sodanige oormaat afgetrek van sy leweringskwota of aangepaste leweringskwota in die eersvolgende jaar en, indien nodig, in die daaropvolgende jaar, totdat sodanige oormaat uitgewis is.

Betaling vir riet te veel gelewer

(b) Indien 'n kweker se rietlewerings sy leweringskwota of aangepaste leweringskwota met meer as 0,5 persent of 10 ton riet te bowe gaan, watter ook al die grootste is, moet betaling vir alle riet wat hy meer as sy leweringskwota of aangepaste leweringskwota lewer, ondanks enige andersluidende bepalings vervat in klousules 42 en 46, maar behoudens paragraaf (c) in twee paalemente geskied; 'n bedrag gelyk aan die redelike koste deur hom aangegaan vir die kap, oplaai en vervoer van sodanige oormaatriet, soos deur sy Meulgroepraad gesertifiseer, moet deur die meulenaar op die gebruikelike manier aan hom betaal word, en die Suikervereniging moet die saldo in een bedrag, sonder rente, op 31 Augustus wat volg op die jaar waarin sodanige oormaatlewering gedoen is, aan hom betaal. Die bedrae waaruit die saldo wat aan die kweker verskuldig is, bestaan, moet deur die meulenaar en die Sentrale Raad aan die Suikervereniging betaal word wanneer dit ook

grower in terms of clause 46 and Schedule D, and by the Sugar Association to the grower as provided in this paragraph.

(c) If it is satisfied that a grower's deliveries of cane which exceed his delivery quota or adjusted delivery quota, as provided in paragraph (b), were caused by circumstances beyond such grower's control, the Central Board may exclude the whole or part of such grower's excess deliveries from the operation of paragraph (b).

Additional delivery permits for pest control

(d) Notwithstanding anything to the contrary contained in the Agreement, the Sugar Association may, with the approval of the Minister, make rules to enable additional cane to be delivered to mills by specific growers during years when control of production is in operation in order to control the spread of cane pests or diseases which in the opinion of the Sugar Association constitute a sufficient threat to the Industry. The rules framed under this subclause may provide, *inter alia*, for—

(i) special prices to be paid to growers and millers for the cane delivered and processed by them and for the sugar produced therefrom;

(ii) the delivery of the cane concerned to the mills by the affected growers without prejudice to their delivery quotas or adjusted delivery quotas in subsequent years;

(iii) the purchase and sale of sugar manufactured from such cane; and

(iv) the exclusion of such deliveries of cane and sucrose from the operation of all or any of the provisions of the Agreement.

Quota Review Committee

(10) (a) The Sugar Association may appoint a Quota Review Committee ("the Committee") comprising two grower and two miller members and a representative of the Sugar Association, as convener, to consider and decide cases where, in the opinion of the Committee, the application of the provisions of this clause would create an inequity.

(b) The Committee shall have the power to call for relevant evidence and records in the possession of the Central Board or any other person or body bound by the provisions of this Agreement. The decision of the majority of the Committee shall be final.

(c) The Committee may determine that a grower be allocated an additional contingency quota or an additional delivery quota in a particular year or years, and the Central Board or Mill Group Board concerned shall give effect thereto.

Modification in respect of T.S.B. Growers, and General modification

(11) (a) The provisions of this Agreement shall apply to growers attached to T.S.B. in the Growers' Register except insofar as they are modified by the provisions of Part I of Schedule E to this Agreement, but such modification shall cease to apply as from 1 May 1979.

(b) During the year commencing 1 May 1979 the provisions of this Agreement shall apply to all growers, millers and refiners except insofar as they are modified by the provisions of Part II of Schedule E to this Agreement.

al ingevolge klousule 46 en Bylae D aan die kweker, en soos in hierdie paragraaf bepaal deur die Suikervereniging aan die kweker, betaal moet word.

(c) Indien die Sentrale Raad oortuig is dat 'n kweker se rietleweringe wat sy leweringe kwota of sy aangepaste leweringe kwota oorskry, soos bepaal in paragraaf (b), veroorsaak is deur omstandighede buite sodanige kweker se beheer, kan die Sentrale Raad die geheel of 'n gedeelte van sodanige kweker se oormaatleweringe van die werking van paragraaf (b) uitsluit.

Bykomende leweringe permitte vir plaagbeheer

(d) Ondanks andersluidende bepalings in die Ooreenkoms vervat, kan die Suikervereniging, met die goedkeuring van die Minister, reëls voorskryf om gedurende jare wanneer produksiebeheer toegepas word, die lewering van bykomende riet aan meule deur bepaalde kwekers moontlik te maak ten einde die verspreiding van rietplae of -siektes wat na die mening van die Suikervereniging 'n wesenlike bedreiging vir die nywerheid inhou, te bekamp. Die reëls wat kragtens hierdie subklousule opgestel word, kan, onder andere, voorsiening maak vir—

(i) die betaling van spesiale pryse aan kwekers en meulenaars vir die riet deur hulle gelewer en verwerk, en vir die suiker wat daaruit geproduseer is;

(ii) die lewering van sodanige riet aan die meule deur die betrokke kwekers sonder om afbreuk te doen aan hul leweringe kwotas of aangepaste leweringe kwotas in die daaropvolgende jare;

(iii) die koop en verkoop van suiker wat van sodanige riet vervaardig is; en

(iv) die uitsluiting van sodanige suikro- en rietleweringe van die werking van alle of enige van die bepalings van die Ooreenkoms.

Kwotahersieningskomitee

(10) (a) Die Suikervereniging kan 'n Kwotahersieningskomitee ("die Komitee") wat bestaan uit twee kwekers- en twee meulenaarlede, en 'n verteenwoordiger van die Suikervereniging as sameroeper, aanstel om gevalle te oorweeg en te beslis waar, na die mening van die Komitee, die toepassing van die bepalings van hierdie klousule 'n onbillikheid sou veroorsaak.

(b) Die Komitee is daartoe bevoeg om toepaslike getuienis en rekords aan te vra wat in besit is van die Sentrale Raad of van 'n ander persoon of liggaam wat deur die bepalings van hierdie Ooreenkoms gebind word. Die meerderheidsbesluit van die Komitee is finaal.

(c) Die Komitee kan bepaal dat aan 'n kweker 'n bykomende voorwaardelike of 'n bykomende leweringe kwota in 'n bepaalde jaar of jare toegeken word, en die Sentrale Raad of die betrokke Meulgroepraad moet uitvoering daaraan gee.

Wysiging t.o.v. T.S.B.-kwekers en algemene wysigings

(11) (a) Die bepalings van hierdie Ooreenkoms is van toepassing op die kwekers verbonde aan die T.S.B.-meul in die Kwekersregister behalwe in soverre sodanige bepalings deur die bepalings van Deel I van Bylae E van hierdie Ooreenkoms gewysig is maar sodanige wysigings sal vanaf 1 Mei 1979 nie langer van toepassing wees nie.

(b) Gedurende die jaar wat op 1 Mei 1979 begin, is die bepalings van hierdie Ooreenkoms van toepassing op alle kwekers, meulenaars en raffineerders, behalwe in soverre sodanige bepalings deur die bepalings van Deel II van Bylae E van die Ooreenkoms, gewysig is.

(12) For the purpose of restrictive control of production in terms of this clause, the Central Board may determine any matter not specifically provided for and generally frame rules of procedure for the better carrying out of the foregoing provisions and the provisions of Schedule E to this Agreement.

Black growers' quotas

23. (1) The quotas of Black growers shall be segregated from those of Indian and Coloured growers, and the Central Board may segregate Black growers holding their land in freehold or leasehold from those holding their land in Reserves and locations under the Trust Laws.

Black Advisory Committee

(2) Where the miller and the Black growers attached to him in the Growers' Register deem it advisable, a Black Advisory Committee representing both parties may be established as a subsidiary body of the Mill Group Board in order to assist it in carrying out its functions as related to the Black growers concerned.

Black control of production

(3) The Central Board shall have power to determine a quota scheme, including a method of control of production to fit in with the provisions of clause 22, for any group of Black growers as may be agreed to by the Sugar Association in consultation with the Minister. For the purposes of such scheme the Central Board shall have power to make the necessary rules and regulations varying the method of control of production as provided in clause 22.

Black group quotas

(4) Should the Department of Agriculture and Forestry, kwa-Zulu, or the KaNgwane Government Service, KaNgwane in terms of any quota scheme that may be determined under subclause (3), agree to undertake the control and administration of a group quota, formed in whole or in part of quota utilised by the Central Board in terms of subclause (5), for any group of Black growers in the Reserves and Locations, attached, or by virtue of such group quota to become attached, to a particular mill in the Growers' Register, there shall be established such group quota, upon the basis of the individual basic and contingency quotas of the participant growers concerned and their past performance, and the mass of basic or contingency quota utilised by the Central Board as aforesaid, and upon such rules and regulations as may be determined by the Central Board with the approval of the Sugar Association and the said Department or Government Service as the case may be: Provided that production in respect of such group quota shall be subject to yearly control within the limits of such quota as adjusted by the application of the industrial restriction factor referred to in clause 22 (3) as long as control of production is in force in terms of clause 22.

Black quotas held in trust

Cancellation and reinstatement of quotas

(5) Quotas recorded in the names of Black growers, which quotas have been suspended or cancelled in terms of clause 33, shall be recorded in the Growers' Register as being held in the name of the Central Board in trust for the Black section attached for quota purposes to the respective mill or mills to which such growers were attached, and shall thereafter cease to be

(12) Vir beperkende produksiebeheerdoeleindes ingevolge hierdie klousule kan die Sentrale Raad enige saak beslis waarvoor daar nie spesifiek voorsiening gemaak is nie en in die algemeen prosedurereëls vir die doeltreffender toepassing van voorgaande bepalings en van die bepalings van Bylae E van hierdie Ooreenkoms formuleer.

Swart kwekers se kwotas

23. (1) Die kwotas van Swart kwekers moet geskei word van dié van Indiër- en Kleurlingkwekers, en die Sentrale Raad kan Swart kwekers wat hulle grond in vrye besit of in huurbesit het, skei van dié wat grond in reservate en lokasies ingevolge die Trustwette besit.

Swart Raadgewende Komitee

(2) Waar die meulenaar en die Swart kwekers wat in die Kwekersregister aan hom verbonde is, dit raadzaam ag, kan 'n Swart Raadgewende Komitee, wat albei partye verteenwoordig, as aanvullende liggaam van die Meulgroepraad ingestel word om hom behulpzaam te wees by die vervulling van sy funksies met betrekking tot die betrokke Swart kwekers.

Produksiebeheer vir Swart kwekers

(3) Die Sentrale Raad is daartoe bevoeg om 'n kwotaskema, met inbegrip van 'n produksiebeheermetode wat met die bepalings van klousule 22 strook, vas te stel vir enige groep Swart kwekers soos waartoe die Suikervereniging in oorleg met die Minister ooreengekom. Vir die toepassing van so 'n skema is die Sentrale Raad daartoe bevoeg om die nodige reëls en regulasies op te stel ter verandering van die produksiebeheermetode soos in klousule 22 bepaal word.

Groepkwotas vir Swart kwekers

(4) Indien die Departement van Landbou en Bosbou, kwaZulu, of die KaNgwane-Regeringsdiens, KaNgwane instem om kragtens 'n kwotaskema wat ingevolge subklousule (3) vasgestel word, 'n groepkwota wat in die geheel of gedeeltelik saamgestel is uit kwotas deur die Sentrale Raad ingevolge subklousule (5) gebruik, te beheer en te administreer vir 'n groep Swart kwekers in die reservate en lokasies wat aan 'n bepaalde meul in die Kwekersregister genoem, verbonde is of uit hoofde van sodanige groepkwota verbind sal word, moet sodanige groepkwota die individuele basiese en voorwaardelike kwotas van die betrokke deelnemende kwekers en hulle vorige prestasies, en die massa van die basiese en voorwaardelike kwotas wat, soos voormeld, deur die Sentrale Raad gebruik word, en ooreenkomstig sodanige reëls en regulasies as wat deur die Sentrale Raad met die goedkeuring van die Suikervereniging en genoemde Departement of Regeringsdiens, na gelang van die geval, bepaal word: Met dien verstande dat produksie ten opsigte van so 'n groepkwota onderworpe is aan jaarlikse beheer binne die perke van sodanige kwota soos aangepas deur die toepassing van die nywerheidsbeperkingsfaktor vermeld in klousule 22 (3) solank as wat produksiebeheer ingevolge klousule 22 toegepas word.

Kwotas van Swart kwekers wat in trust gehou word *Kansellering en herinstelling van kwotas*

(5) Kwotas wat op naam van Swart kwekers aangeteken is en ingevolge klousule 33 opgeskort of gekanselleer is, moet in die Kwekersregister aangeteken word as kwotas wat op naam van die Sentrale Raad in trust gehou word vir die Swart seksie wat vir kwotadoeleindes verbonde is aan die onderskeie meul of meule waaraan sodanige kwekers verbonde was, en is

governed by the further provisions of clause 33. The quota so held in trust may be reinstated by the Central Board in favour of the holder thereof at the time of suspension or cancellation or may be utilised by the Central Board to increase the quota of any Black grower or to create new quotas in favour of new Black growers or to form the whole or part of a group quota or group quotas established in terms of subclause (4) at the said mill or mills: Provided that, during a period when control of production, in accordance with the provisions of clause 22 is in operation, no contingency quota held in the name of the Central Board in trust for any Black section shall be reinstated or utilised by the Central Board to increase a quota or to create a new quota or to form the whole or part of a group quota or group quotas as aforesaid. No allocation shall be made to Black growers in terms of this subclause, whether by way of reinstatement, increase of an existing quota, creation of a new quota or to form the whole or part of a group quota, unless such allocation has been recommended by the Minister of Agriculture and Forestry, kwaZulu, or the KaNgwane Government Service, KaNgwane. Any basic quota recorded in the name of the Central Board in trust for a Black section, which has not been allocated as provided for above, shall be regarded as part of the shortfall of the Black section concerned and shall be available for distribution, in accordance with the provisions of clause 22 (5) (d).

Mill Group Boards establishment

3. (1) (a) The Central Board Cane Testing Service shall endeavour to sample each and every individual cane consignment and the miller shall in consultation with the Central Board, design and operate the mill cane yard and cane carrier systems in order to enable the Central Board to give effect thereto.

Where it is not possible to sample each and every individual cane consignment, then the Central Board Cane Testing Service shall ensure that the sampling and testing of cane complies with procedures in operation as at the date of commencement of this Agreement, or such alternative procedures as may be approved by the Sugar Association from time to time.

(b) Whenever cane is stockpiled in the mill cane yard the cane shall be stored so that it can be sampled separately to provide each supplier with his own test. Similarly, when cane is delivered to a reloading site the cane shall be stored so that it can be reloaded in a manner which will retain supplier individuality.

(c) Notwithstanding the provisions of paragraphs (a) and (b), whenever consignments of cane from any number of growers are, in the opinion of the Central Board, consistently too small for separate sampling or cannot be separately sampled for good and sufficient reason, such consignments, with the prior approval of the Central Board, may be grouped or stockpiled for combined sampling and testing and the combined test of such cane shall apply to the cane delivered by the growers concerned.

(d) As far as practicable and bearing in mind the application of paragraphs (b) and (c), cane consignments shall be crushed in the order of sequence of the dates and times of their delivery to a mill (and similarly reloaded on a first in first out basis at reloading sites). The storage time periods shall be kept to a minimum and the mill yard shall be monitored by the Central Board and at the reloading sites by the party responsible for the reloading.

(e) The Cane Testing Service shall monitor the delay of all consignments stored in the mill yard, and the mass of cane residing in excess of 36 hours shall be reported each week to the Mill Group Board.

Berekening van die ton suikrose in riet

(4) Die totale suikrose-inhoud van riet wat die meul ingaan, moet gelyk wees aan die som van die suikrose-inhoud van gemengde sap, eindbegasse en, waar van toepassing, perswatermodder.

Deur Sentrale Raad

Die Sentrale Raad se Riettoetsdiens moet die totale ton suikrose in riet wat die meul ingaan bereken en moet die data in verband daarmee opteken ooreenkomstig die berekeningsprosedures en optekeningformaat voorgeskryf in Hoofstuk III van die "Amptelike Metodes".

Deur Ko-op. Meule

(5) By meule waar die Sentrale Raad nie 'n riettoetsdiens het nie, is die voorskrifte van hierdie Bylae van toepassing op die bepaling van die totale suikrose wat die meul ingaan, behalwe dat die Sentrale Raad nie verantwoordelik is vir die voorsiening van toerusting en die ontleding van die produkte nie.

*Bemonstering en ontleding van individuele rietbesendings**Spesifikasies vir rietbemonstering*

3. (1) (a) Die Sentrale Raad se Riettoetsdiens moet poog om monsters te neem van elke individuele rietbesending, en die meulenaar moet in oorleg met die Sentrale Raad die meulrietwerf en die rietinvoerstelsels so ontwerp en bedryf dat die Sentrale Raad in staat gestel word om hieraan uitvoering te gee.

Waar dit nie moontlik is om elke individuele rietbesending te bemonster nie, moet die Sentrale Raad se Riettoetsdiens verseker dat die bemonstering en toetsing van riet geskied ooreenkomstig die prosedures in werking soos op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms, of sodanige alternatiewe prosedures wat van tyd tot tyd deur die Suikervereniging goedgekeur mag word.

(b) Wanneer riet in die meulrietwerf opgegaan word, moet die riet so geberg word dat daar afsonderlike monsters van geneem kan word om elke leweransier van sy eie toets te kan voorsien. Ewe-eens, wanneer riet by 'n oorlaaiterrein afgelewer word, moet die riet so geberg word dat dit op so 'n wyse weer opgelaaai kan word dat die leweransier se afsonderlikheid behoue bly.

(c) Ondanks die bepalings van paragrawe (a) en (b), wanneer besendings riet van 'n aantal kwekers volgens die mening van die Sentrale Raad deurgaans te klein is om afsonderlike monsters van te neem, of daar om goeie en afdoende redes nie afsonderlike monsters van geneem kan word nie, kan sodanige besendings met die voorafgaande goedkeuring van die Sentrale Raad, gegroepeer of opgegaan word vir gesamentlike monsterneming en toetsing en die gesamentlike toets van sodanige riet is van toepassing op die riet wat deur die betrokke kwekers gelewer word.

(d) Sover doenlik en met inagneming van paragrawe (b) en (c), moet rietbesendings geper word in volgorde van die datums en tye wat dit by 'n meul afgelewer is (en ewe-eens op oorlaaiterreine) op 'n eerste-in-eerste-uit-basis oorgelaaai word. Die opbergtye moet tot 'n minimum beperk word en moet in die meulwerf deur die Sentrale Raad gemonitor word en op die oorlaaiterreine deur die party wat vir die oorlaaiery verantwoordelik is.

(e) Die Riettoetsdiens moet die vertraging van alle besendings wat by die meulwerf opgeberg is, monitor, en die massa riet wat langer as 36 uur daar bly, moet wekeliks aan die Meulgroepraad gerapporteer word.

Cane sampling equipment and procedures

(2) (a) The Central Board shall provide and maintain the cane sampling equipment together with cane tracking aids and other cane sample preparation and sub-sampling devices as specified in Chapter IV of the "OFFICIAL METHODS".

(b) Cane consignment identification and sampling procedures shall be conducted by the Central Board Cane Testing Service in accordance with the procedures given in Chapter VII of the "OFFICIAL METHODS".

Analysis of cane samples

(3) (a) The Central Board shall provide and maintain the analytical equipment (as specified in Chapter V of the "OFFICIAL METHODS") together with ancillary chemicals and glassware required for the measurement of moisture, brix and sucrose content of cane samples.

(b) The Central Board Cane Testing Service shall conduct the analysis of cane samples for the determinations of moisture, brix and sucrose in accordance with the analytical procedures defined in Chapter VIII of the "OFFICIAL METHODS".

(c) The Central Board Cane Testing Service shall compute the brix % extract, sucrose % extract, moisture % cane, fibre % cane, brix % cane, sucrose % cane, non sucrose % cane and purity of cane juice in accordance with the calculation formulae given in Chapter III of the "OFFICIAL METHODS".

(d) The Central Board may annul or adjust any test results which it considers to be irrational.

Non test consignments

(4) Consignments which for any reason cannot be tested shall be credited with the average of all test results obtained (but from not less than three separate tests) from the consignments of the same grower tested during the then current distribution period fixed in terms of paragraph 4 (2), failing which, the average of all test results for all cane crushed at the mill concerned during the then current distribution period fixed in terms of paragraph 4 (2) shall be used.

*Distribution of total sucrose entering mill**Determination and application of sucrose factor*

4. (1) The sucrose % cane test results determined in accordance with paragraph 3, shall be adjusted in each distribution period by the Central Board Cane Testing Service by the application of a Sucrose Factor which shall be derived for each distribution period in accordance with the procedure defined in Chapter III of the "OFFICIAL METHODS".

Duration of distribution period

(2) The distribution period shall normally be one week but this may be varied by mutual agreement between the Mill Manager and the Technical Manager of the Central Board Cane Testing Service.

Variations

5. At any particular mill should circumstances arise which warrant a variation from the strict interpretation of any of paragraphs 2, 3 or 4, then the Central Board may authorise such variation on a temporary basis. All such variations shall be reported weekly to the Growers' Association and to the Millers' Association.

Rietbemonsteringtoerusting en prosedures

(2) (a) Die Sentrale Raad moet die rietbemonsteringtoerusting voorsien en onderhou tesame met die hulpmiddels vir die nasporing van riet en ander toestelle vir die voorbereiding van die rietmonsters en die neem van submonsters soos voorgeskryf in Hoofstuk IV van die "Amptelike Metodes".

(b) Die identifikasie en bemonstering van rietbesendings moet deur die Sentrale Raad se Riettoetsdiens uitgevoer word ooreenkomstig die prosedures aangegee in Hoofstuk VII van die "Amptelike Metodes".

Ontleding van rietmonster

(3) (a) Die Sentrale Raad moet die ontledingstoerusting voorsien en onderhou (soos voorgeskryf in Hoofstuk V van die "Amptelike Metodes") tesame met die bykomstige chemikalieë en glasware wat nodig is vir die meting van die vog, brix en suikrose-inhoud van rietmonsters.

(b) Die Sentrale Raad se Riettoetsdiens moet die ontleding van rietmonsters ter bepaling van die vog, brix en suikrose uitvoer ooreenkomstig die ontledingsprosedures omskryf in Hoofstuk VIII van die "Amptelike Metodes".

(c) Die Sentrale Raad se Riettoetsdiens moet die brix-%-ekstrak, suikrose-%-ekstrak, vog-%-riet, vesel-%-riet, brix-%-riet, suikrose-%-riet, nie-suikrose-%-riet en suiwerheid van rietsap bepaal volgens die berekeningsformules aangegee in Hoofstuk III van die "Amptelike Metodes".

(d) Die Sentrale Raad kan enige toetsresultate wat hy as ongerymd beskou, nietig verklaar of aanpas.

Besendings nie getoets nie

(4) Besendings wat om die een of ander rede nie getoets kan word nie, word gekrediteer met die gemiddelde van alle toetsresultate (maar nie van minder as drie afsonderlike toetse nie) wat verkry is van dieselfde kwekers se besendings wat getoets is gedurende die dan lopende verspreidingstydperk vasgestel ingevolge paragraaf 4 (2); by gebreke hiervan, moet die besendings gekrediteer word met die gemiddelde van alle toetsresultate vir alle riet gepers by die betrokke meul gedurende die dan lopende verspreidingstydperk, soos vasgestel volgens paragraaf 4 (2).

*Verspreiding van totale suikrose wat die meul ingaan**Bepaling en toepassing van die suikrosefaktor*

4. (1) Die toetsresultate van die suikrose-%-riet bepaal volgens paragraaf 3, moet in elke verspreidingstydperk deur die Sentrale Raad se Riettoetsdiens aangepas word deur die toepassing van 'n suikrosefaktor wat vir elke verspreidingstydperk verkry moet word ooreenkomstig die prosedure omskryf in Hoofstuk III van die "Amptelike Metodes".

Duur van verspreidingstydperk

(2) Die verspreidingstydperk is normaalweg een week maar kan verander word deur onderlinge ooreenkoms tussen die Meulbestuurder en die Tegnieuse Bestuurder van die Sentrale Raad se Riettoetsdiens.

Afwykinge

5. Indien omstandighede by 'n bepaalde meul ontstaan wat 'n afwyking van die strenge vertolking van enige van paragrawe 2, 3 of 4 regverdig, dan kan die Sentrale Raad sodanige afwyking op 'n tydelike grondslag magtig. Alle sodanige afwykings moet weekliks aan die Kwekersvereniging en die Meulenaarsvereniging gerapporteer word.

Condition of cane

6. Whenever a mill chemist or the cane testing service chemist considers that cane is being delivered in such a condition that it either detracts from the efficiency of the mill or causes a maldistribution of the sucrose between the mill suppliers, he may refer the matter to a nominee of the Mill Group Board, who shall be a grower. Such nominee may rule that the condition of the cane does not call for penalty or he may order the cane to be returned to the sender, or alternatively, may determine the percentage by which the mass of the delivery shall be reduced. He shall not, however, impose the foregoing penalty until he has sent at least one warning to the supplier.

If so requested by the miller concerned, the supplying growers shall appoint a Cane Supply Committee of not more than three growers to collaborate with the mill management in improving the condition of the cane supply.

Monthly cane and sucrose delivery statements

7. The Central Board shall report monthly to the milling company and to the Growers' Association the total mass of cane and the total mass of sucrose delivered by each grower to the mill during the preceding monthly period. Mills at which cane testing is not administered by the Central Board shall furnish the Central Board with a similar monthly statement of cane and sucrose deliveries.

Availability of records

8. The Central Board chemist and the miller shall render accessible to each other all books and records which are in any way relevant to the determination and distribution of the total sucrose in cane.

SCHEDULE D**THE EQUALISATION FUND**

1. There shall be established under the administration of the Central Board a fund to be known as the Equalisation Fund for the purpose of enabling payments to be made to growers in pursuance of clause 42 (b) of the Agreement.

2. The Equalisation Fund shall be financed by the Sugar Association as provided in clause 43 of the Agreement and as the levy is received it shall be reflected in separate books of account in the name of the Fund, and shall be paid into such banking accounts or bank or building society savings accounts or may be otherwise invested in such manner as the Central Board may determine from time to time.

3. All expenses of administering the Fund shall be borne by the Fund and in order to facilitate its administration such reserve as may be determined by the Central Board shall be carried over annually.

4. (1) The Central Board shall calculate the payments to be made each year and prepare the necessary schedules in the manner following:

(a) The mass of cane supplied by a grower in that year, who has delivered 3 500 metric tons of cane or less, shall qualify for payment at a flat rate of 60 cents per metric ton;

Toestand van riet

6. Wanneer die skeikundige van 'n meul of die skeikundige van die Riettoetsdiens van mening is dat riet in so 'n toestand gelewer word dat dit of afbreuk doen aan die doeltreffendheid van die meul of 'n wanverspreiding van sukrose onder die meul se leweransiers veroorsaak, kan hy die saak na 'n genomineerde van die Meulgroepraad, wat 'n kweker moet wees, verwys. Sodanige genomineerde kan beslis dat die toestand van die riet nie 'n boete noodsaak nie of hy kan beveel dat die riet teruggestuur word na die afsender, of so nie kan hy 'n persentasie bepaal waarmee die massa van die lewering verminder moet word. Hy mag egter nie voorgaande straf opleë voordat hy ten minste een waarskuwing aan die leweransier gestuur het nie.

Indien deur die betrokke meulenaar daartoe versoek, moet die leweransierkwekers 'n Riettoevoer Komitee aanstel van nie meer as drie kwekers nie om saam met die meulbestuur te werk om die toestand van die riet wat voorsien word te verbeter.

Maandelikse riet- en sukroseleweringsopgawes

7. Die Sentrale Raad moet maandeliks aan die meulmaatskappy en die Kwekersvereniging verslag doen oor die totale massa riet en die totale massa sukrose deur elke kweker aan die meul gelewer gedurende die voorgaande maandelikse tydperk. Meule waar riettoetsing nie deur die Sentrale Raad geadministreer word nie moet die Sentrale Raad van 'n soortgelyke maandelikse opgawe van riet- en sukroselewerings voorsien.

Beskikbaarheid van rekords

8. Die skeikundige van die Sentrale Raad en die meulenaar moet aan mekaar alle boeke en rekords beskikbaar stel wat op enige wyse betrekking het op die bepaling en verspreiding van die totale sukrose in riet.

BYLAE D**DIE GELYKMAKINGSFONDS**

1. Daar moet 'n fonds onder die administrasie van die Sentrale Raad gestig word, wat bekend sal staan as die Gelykmakingsfonds, ten einde betalings aan kwekers ingevolge klousule 42 (b) van die Ooreenkoms moontlik te maak.

2. Die Gelykmakingsfonds moet deur die Suikervereniging gefinansier word soos by klousule 43 van die Ooreenkoms bepaal, en namate die heffing ontvang word, moet dit in afsonderlike rekeningboeke op naam van die Fonds weerspieël en in sodanige bankrekenings of spaarrekenings van 'n bank of bougenootskap inbetaal word of kan dit andersins op so 'n wyse belê word as wat die Sentrale Raad van tyd tot tyd bepaal.

3. Alle uitgawes verbonde aan die administrasie van die Fonds moet deur die Fonds gedra word, en ten einde die administrasie te vergemaklik moet sodanige reserwebedrag as wat deur die Sentrale Raad bepaal word, jaarliks oorgedra word.

4. (1) Die Sentrale Raad moet die betalings wat elke jaar gedoen moet word soos volg bereken en die nodige state op die volgende wyse opstel:

(a) Die massa riet in daardie jaar gelewer deur 'n kweker wat 3 500 metrieke ton riet of minder gelewer het, kwalifiseer vir betaling teen 'n vaste tarief van 60c per metrieke ton;

(b) the mass of cane supplied by a grower in that year, who has delivered more than 3 500 metric tons but less than 13 500 metric tons of cane, shall qualify for payment in accordance with the following formula:

$$\frac{13\,500 - Y}{6\,750} \times 40,5c = \text{rate of payment per metric ton of Y where}$$

Y represents the metric tons of cane supplied by such grower;

(c) the mass of cane supplied by a grower in that year shall qualify for payment at a flat rate of Z cents per metric ton, where Z equals the balance of the Fund, after deduction of the amounts required for the purposes of (a) and (b) and paragraph 3, divided by the total number of metric tons of cane qualifying for participation in the Fund.

(2) After deducting the amount required for the purposes of paragraph 3, should the balance of the Fund be insufficient to meet the total of the payments prescribed in paragraphs 4 (1) (a) and (b), the full amount of each such payment shall be reduced by multiplying it by the fraction represented by the proportion which the balance of the Fund bears to the total of the prescribed payments.

5. (1) For the purposes of paragraph 4 "mass of cane supplied by a grower" means the total quantity of cane to the nearest metric ton supplied by a grower to a miller or millers during that year for the purpose of the manufacture of sugar, as recorded by the Central Board: Provided, however, that—

(a) where cane is supplied as aforesaid by different persons from the same land, during the same year whether by reason of a transfer or new allotment of the relevant quota or the reinstatement of a grower, or for any other cause, the payment in question shall be calculated as if all the cane supplied from the said land had been supplied by the grower who first supplied cane from the land during the year, and the division of the payment (if any) between the persons concerned shall be made pro rata to the mass of cane supplied by them;

(b) when cane is supplied by one or more growers from one or more farming enterprises, the payments shall be calculated at separate rates of payment only if the cane is supplied from entirely separate farming enterprises.

(2) The Central Board shall in each case determine whether a grower or growers conducts or conduct farming enterprises which are entirely separate, and may, in so determining, decide that none of several farming enterprises is separate, or that one or more of the enterprises is separate, from one or more of the others, which are not separate. In making its determination the Central Board shall take into account all relevant circumstances including in particular the methods of farming and organisation usually adopted at the relevant time in the Industry, and the extent to which the grower or growers in question or any person having a financial interest, direct or indirect, in the enterprise of the grower in question, has or have a financial interest, direct or indirect, in any other sugar cane farming enterprise.

In making its determination the Central Board shall at all times bear in mind that the object of this Equalisation Fund is to assist the bona fide small grower and shall discourage all attempts by other persons to obtain larger payments by the adoption of schemes or devices to that end.

(b) die massa riet in daardie jaar gelewer deur 'n kweker wat meer as 3 500 metrieke ton maar minder as 13 500 metrieke ton riet gelewer het, kwalifiseer vir betaling ooreenkomstig die volgende formule:

$$\frac{13\,500 - Y}{6\,750} \times 40,5c = \text{tarief van betaling per metrieke ton Y}$$

waar Y die metrieke ton riet wat deur sodanige kweker gelewer is, verteenwoordig;

(c) die massa riet wat in daardie jaar deur 'n kweker gelewer is, kwalifiseer vir betaling teen 'n vaste tarief van Z sent per metrieke ton, waar Z gelyk is aan die saldo in die Fonds na aftrekking van die bedrae wat nodig is vir die doeleindes van (a) en (b) en paragraaf 3, gedeel deur die totaal van die metrieke ton riet wat vir deelname aan die Fonds kwalifiseer.

(2) Indien na aftrekking van die bedrag benodig vir die doeleindes van paragraaf 3, die saldo van die Fonds onvoldoende is om die totale betalings voorgeskryf in paragraaf 4 (1) (a) en (b) te dek, moet die volle bedrag van elke sodanige betaling verminder word deur dit te vermenigvuldig met die breuk verteenwoordig deur die verhouding waarin die saldo van die Fonds tot die totale voorgeskrewe betalings staan.

5. (1) Vir doeleindes van paragraaf 4 beteken 'massa riet gelewer deur 'n kweker' die totale hoeveelheid riet tot die naaste metrieke ton gedurende daardie jaar deur 'n kweker aan 'n meulenaar of meulenaars gelewer vir die vervaardiging van suiker, soos deur die Sentrale Raad opgeteken: Met dien verstande egter dat—

(a) waar riet soos voornoemd gelewer word deur verskillende persone vanaf dieselfde grond gedurende dieselfde jaar, hetsy as gevolg van 'n oordrag of 'n nuwe toekenning van die betrokke kwota of die herinstelling van 'n kweker, of om enige ander rede, die betrokke betaling bereken moet word asof al die riet wat vanaf genoemde grond gelewer is, deur die kweker gelewer is wat eerste riet vanaf die grond gedurende die jaar gelewer het, en die verdeling van die betaling (as daar is) tussen die betrokke persone pro rata moet geskied tot die massa riet deur hulle gelewer;

(b) wanneer riet deur een of meer kwekers vanaf een of meer boerdery-ondernemings gelewer word, die betalings teen afsonderlike betalingstariewe bereken moet word net indien die riet van geheel en al afsonderlike boerdery-ondernemings gelewer word.

(2) Die Sentrale Raad moet in elke geval bepaal of 'n kweker of kwekers boerdery-ondernemings dryf wat geheel en al afsonderlik is, en by so 'n bepaling kan hy besluit dat geeneen van die verskillende ondernemings afsonderlik is nie of dat een of meer van die ondernemings afsonderlik is van een of meer van die ander wat nie afsonderlik is nie. By sy bepaling moet die Sentrale Raad alle verbandhebbende omstandighede in ag neem met inbegrip van veral die boerdery- en organisasietodes wat normaalweg op die betrokke tydstop in die Nywerheid toegepas word en die mate waarin die betrokke kweker of kwekers of iemand wat 'n finansiële belang, regstreeks of onregstreeks, by die onderneming van die betrokke kweker het, 'n finansiële belang, regstreeks of onregstreeks, by enige ander suikerrietboerderyonderneming het.

By sy bepaling moet die Sentrale Raad te alle tye in gedagte hou dat dit die doel van die Gelykmakingsfonds is om die bona fide-kleinkweker te help en moet hy alle pogings van die kant van ander persone om groter betalings te verkry deur die aanvaarding van skemas of planne te dien einde, ontmoedig.

6. (1) Every grower to whom this Schedule refers who has a basic quota of 100 metric tons of sucrose or more shall, whenever he may be required to do so in terms of this paragraph lodge in the office of the Central Board an application for payment of moneys accruing to him under the provisions of this Schedule in a form prescribed by the Central Board and verified by affidavit.

(2) Every grower who is required to lodge an application, as aforesaid, shall do so—

(a) in the case of such growers who are registered in the Growers' Register kept under the provisions of the Sugar Industry Agreement, 1943, immediately prior to the date of commencement of this Agreement: Between 1 June and 31 October 1982 and between 1 June and 31 October of every fifth year thereafter; or

(b) in the case of such growers who are registered in the Growers' Register after the commencement of this Agreement: Between 1 June and 31 October of the year following that in which they are so registered, and thereafter as provided in subparagraph (a) for growers referred to therein; and

(c) whenever otherwise required to do so by the Central Board.

(3) Any grower who has lodged an application, as aforesaid, shall notify the Central Board forthwith of every subsequent change in the sugar cane farming methods or organisation employed by him or in his financial interest or interests, direct or indirect, in any other sugar cane farming enterprise or enterprises, or in his own sugar cane farming enterprise or enterprises by the acquisition therein of a financial interest, direct or indirect, by any person having a financial interest, direct or indirect, in any other sugar cane farming enterprise, and he shall lodge a further application in the office of the Central Board, if, and within the period, required by the Central Board and thereafter as provided in subparagraph (2).

(4) (a) The Central Board shall distribute the prescribed application forms to the growers concerned to enable them to comply with the provisions of subparagraph (2), and also from time to time upon request, but it shall be the duty of the growers concerned to ensure that prescribed application forms properly completed in all respects, are lodged timeously in the office of the Central Board in accordance with the provisions of this paragraph, and the non-receipt by a grower of a prescribed application form dispatched to him shall not relieve him of his said duty.

(b) Any grower to whom this paragraph refers who fails to lodge an application in the prescribed form properly completed in all respects, and timeously, shall forfeit his right to receive payment in terms of paragraph 4 (1) (a) or (b) and shall be eligible only to receive a payment, if any, in terms of paragraph 4 (1) (c), for the year concerned and in each succeeding year during which he shall omit to lodge an application in the prescribed form with the Central Board.

(c) If a grower should fail to notify the Central Board of any event referred to in subparagraph (3), and, as a consequence of such omission, receive a payment or payments in any year or years in excess of the sum which he would otherwise have been qualified to receive, the amount of such excess shall be set off automatically against any subsequent sum or sums payable to such

6. (1) Elke kweker na wie hierdie Bylae verwys en wat 'n basiese kwota van 100 metrieke ton suikrose of meer het, moet, wanneer daar ook al ingevolge hierdie paragraaf van hom verlang word om dit te doen, by die kantoor van die Sentrale Raad 'n aansoek om die betaling van gelde wat ingevolge die bepalings van hierdie Bylae aan hom toeval, indien in 'n vorm soos voorgeskryf deur die Sentrale Raad en gestaaf deur 'n beëdigde verklaring.

(2) Elke kweker van wie daar verlang word om soos voormeld 'n aansoek in te dien, moet dit doen—

(a) in die geval van sodanige kwekers wat in die Kwekersregister wat kragtens die bepalings van die Suikernywerheid-ooreenkoms, 1943, gehou word, aldus onmiddellik voor die datum van inwerking-treding van hierdie Ooreenkoms geregistreer is: tussen 1 Junie en 31 Oktober 1982 en tussen 1 Junie en 31 Oktober van elke vyfde jaar daarna; of

(b) in die geval van sodanige kwekers wat in die Kwekersregister geregistreer is na die inwerking-treding van hierdie Ooreenkoms: tussen 1 Junie en 31 Oktober van die jaar wat volg op die een waarin hulle geregistreer is, en daarna soos in subparagraaf (a) bepaal vir kwekers daarin bedoel; en

(c) wanneer ook al andersins deur die Sentrale Raad versoek om dit te doen.

(3) 'n Kweker wat 'n aansoek soos voormeld ingedien het, moet die Sentrale Raad sonder versuim in kennis stel van elke daaropvolgende verandering in die suikerrietboerdery- of organisasietodes wat hy toepas of in sy regstreekse of onregstreekse finansiële belang of belange by enige ander suikerrietboerdery-onder-neming of -ondernemings, of in sy eie suikerrietboerdery-onder-neming of -ondernemings deur die verkryging van 'n regstreekse of onregstreekse finansiële belang daarby deur enigiemand wat 'n regstreekse of onregstreekse finansiële belang by enige ander suikerrietboerdery-onder-neming het, en hy moet 'n verdere aansoek by die kantoor van die Sentrale Raad indien as en binne die tydperk wat die Sentrale Raad dit verlang, en daarna soos in subparagraaf (2) bepaal.

(4) (a) Die Sentrale Raad moet die voorgeskrewe aansoekvorms onder die betrokke kwekers versprei om hulle in staat te stel om aan die bepalings van subpara-graaf (2) te voldoen, en doen dit ook van tyd tot tyd op versoek, maar dit is die plig van die betrokke kwekers om te sorg dat die voorgeskrewe aansoekvorms in alle opsigte behoorlik ingevul, betyds by die kantoor van die Sentrale Raad ooreenkomstig die bepalings van hierdie paragraaf ingedien word, en die nie-ont-vangs deur 'n kweker van die voorgeskrewe aansoek-vorm wat aan hom gestuur is, onthef hom nie van die genoemde plig nie.

(b) 'n Kweker in hierdie paragraaf bedoel, wat in gebreke bly om 'n aansoek op die voorgeskrewe vorm, in alle opsigte behoorlik ingevul, betyds in te dien, ver-beur sy reg om ingevolge paragraaf 4 (1) (a) of (b) beta-ling te ontvang en kom slegs in aanmerking vir beta-ling, indien enige, ingevolge paragraaf 4 (1) (c), vir die betrokke jaar en in elke daaropvolgende jaar waarin hy nalaat om 'n aansoek op die voorgeskrewe vorm by die Sentrale Raad in te dien.

(c) Indien 'n kweker nalaat om die Sentrale Raad van enige gebeurtenis te meld in subparagraaf (3) in kennis te stel en as gevolg van sodanige versuim 'n betaling of betalings in enige jaar of jare ontvang wat meer is as die bedrag waarvoor hy andersins sou kwali-fiseer, moet sodanige oorbetalings outomaties verreken word teen enige daaropvolgende bedrag of bedrae wat

grower from the Fund, failing which, it may be recovered by the Central Board as a debt due by such grower to the Fund.

(5) Notwithstanding anything to the contrary in this paragraph contained—

(a) a grower to whom this paragraph refers who fails to lodge an application in the form, manner and time provided herein may do so during the period from 1 June to 31 October in the following or any succeeding year and the provisions of paragraph 6 (4) (b) shall apply during the period of his default;

(b) every grower registered in the Growers' Register shall furnish the Central Board when called upon to do so with any information which the Central Board may reasonably require for the purpose of administering the Fund and the Central Board may require such information to be verified by affidavit, and in the event of a grower failing to furnish the Central Board with any information when called upon to do so, the Central Board may refuse to sanction any payments to him from the Fund until he has remedied his default to the reasonable satisfaction of the Central Board;

(c) the Central Board may condone the late filing of any application required to be made in terms hereof for such reasons as it may in its discretion consider adequate, provided that an application for condonation is lodged, in writing, in the office of the Central Board by not later than 15 December in the year in question. The decision of the Central Board upon any such application for condonation shall be final.

7. Payments to growers shall be made as soon as possible after the close of the crushing season and (unless payment at a later date is in any particular case decided upon by the Central Board) before 30 April each year: Provided that—

(a) interim payments may be authorised by the Central Board, if feasible, to any grower whose basic quota amounts to not less than 100 metric tons sucrose, and in the event of interim payments being authorised, they shall be made in every year on 15 August in respect of cane delivered up to the end of June of that year and on 15 December in respect of cane delivered in July, August, September and October of that year; all such payments shall be based on the amounts estimated by the Central Board to accrue to each grower in respect of such cane, less an amount determined by the Central Board to avoid overpayments, but, should an overpayment to a grower occur, such excess shall be set off automatically against any future sum or sums payable to such grower from the Fund, failing which it may be recovered by the Central Board as a debt due by such grower to the Fund;

(b) payment to growers shall be made by the Central Board itself or through agents approved by the Central Board from time to time; any agent so appointed shall furnish the Central Board with an auditor's certificate that the scheduled payments have been made.

aan sodanige kweker uit die Fonds betaalbaar is, en by gebreke hiervan kan die Sentrale Raad dit verhaal as 'n bedrag aan die Fonds deur sodanige kweker verskuldig.

(5) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie paragraaf vervat—

(a) kan 'n kweker in hierdie paragraaf bedoel, wat in gebreke bly om 'n aansoek op die vorm, wyse en tyd soos hierin bepaal, in te dien, dit doen gedurende die tydperk 1 Junie tot 31 Oktober van die volgende of enige daaropvolgende jaar en is die bepalings van paragraaf 6 (4) (b) van toepassing gedurende die tydperk van sy versuim;

(b) moet 'n kweker wat in die Kwekersregister geregistreer is, wanneer hy versoek word om dit te doen, die Sentrale Raad voorsien van enige inligting wat die Sentrale Raad redelikerwys nodig het om die Fonds te administreer, en die Sentrale Raad kan vereis dat sodanige inligting deur 'n beëdigde verklaring gestaaf word en ingeval 'n kweker nalaat om die Sentrale Raad van inligting te voorsien wanneer hy versoek word om dit te doen, kan die Sentrale Raad weier om enige betalings uit die Fonds aan hom goed te keur totdat hy sy versuim tot redelike tevredenheid van die Sentrale Raad reggestel het;

(c) kan die Sentrale Raad die laat indiening van enige aansoek wat ingevolge die bepalings hiervan gedoen moet word om sodanige redes as wat hy volgens sy oordeel as voldoende beskou, kondoneer, op voorwaarde dat 'n aansoek om kondonering nie later nie as 15 Desember van die betrokke jaar skriftelik by die kantoor van die Sentrale Raad, ingedien word. Die besluit van die Sentrale Raad oor enige sodanige aansoek om kondonering, is finaal.

7. Betalings aan kwekers word so gou moontlik na die sluiting van die persseisoen gedoen en (tensy die Sentrale Raad tot oorbetalings op 'n later datum in 'n besondere geval besluit) voor 30 April van elke jaar: Met dien verstande dat—

(a) tussentydse betalings aan enige kweker wie se basiese kwota nie minder as 100 metrieke ton sukrose beloop nie, deur die Sentrale Raad gemagtig kan word indien doenlik en ingeval tussentydse betalings gemagtig word, hulle gedoen moet word op 15 Augustus van elke jaar ten opsigte van riet gelewer tot die einde Junie van daardie jaar en op 15 Desember ten opsigte van riet gelewer in Julie, Augustus, September en Oktober van daardie jaar; alle sodanige betalings word gebaseer op die bedrae wat volgens die Sentrale Raad se skatting aan elke kweker sal toeval ten opsigte van sodanige riet, min 'n bedrag bepaal deur die Sentrale Raad om oorbetalings te vermy, maar indien 'n oorbetalings aan 'n kweker gedoen word, moet sodanige oorbetalings outomaties verreken word teen enige toekomstige bedrag of bedrae betaalbaar aan sodanige kweker uit die Fonds; by gebreke hiervan kan die Sentrale Raad dit verhaal as 'n bedrag aan die Fonds deur sodanige kweker verskuldig;

(b) betaling aan kwekers gedoen word deur die Sentrale Raad self of deur agente wat van tyd tot tyd deur die Sentrale Raad goedgekeur word; enige agente wat aldus aangestel is, moet die Sentrale Raad van 'n ouditeursertifikaat voorsien ten effekte dat die gelyste betalings gedoen is.

8. Any question relating to this Schedule not specifically provided for therein, or any question or dispute arising thereunder, may be determined by the Central Board whose decision shall be final.

SCHEDULE E

MODIFICATION OF THE PROVISIONS OF THE AGREEMENT AS CONTEMPLATED IN CLAUSE 22 (11) THEREOF

In this Schedule "notional quota" means a quota which has before the commencement of the Act been determined by the Central Board for each grower attached to the T.S.B. mill as at 1 May 1978, by means of the following formula:

Notional quota..... = $0,667 \times (AB - C)$

Where:

- A..... = a grower's total area of registered quota land;
 B..... = the yield per ha under cane of such grower based on the average of his highest two consecutive years' sucrose deliveries since the 1968/69 season;
 C..... = such grower's basic quota at the commencement of the 1978/79 season.

PART I

The application of the provisions of the Agreement to growers attached to the T.S.B. Mill shall subject to clause 22 (11) (a) be modified as follows:

1. Clause 21 shall not apply to such growers in respect of extension land allotted to them before the commencement of the Act during the period of industrial development which was terminated on 25 August 1977.

2. (1) For any such growers who only holds a basic quota the farm mean peak shall equal such quota suitably converted into cane.

(2) For any such grower who holds both a basic and a notional quota the farm mean peak shall equal his total quota suitably converted into cane.

3. Notional quotas shall be subject to performance by such growers before they can be translated into basic quotas on the same basis as contingency quotas are so translated, and all the provisions of clause 15 relevant to contingency quotas shall apply *mutatis mutandis* to notional quotas.

PART II

The application of the provisions of the Agreement to all growers, millers and refiners shall be modified as follows for the year commencing 1 May 1979 only:

1. Notional quotas shall be cancelled and replaced by contingency quotas determined by the Central Board according to the provisions of clause 21.

2. (1) In addition to the industrial restriction factor referred to in clause 22 (3), which is hereinafter referred to as the first industrial restriction factor, the Sugar Association shall determine and redetermine from time to time a second industrial restriction factor.

(2) The second industrial restriction factor shall be determined upon the basis of—

(a) the industrial sucrose quota less the sucrose equivalent of—

(i) the estimates of growers referred to in clause 22 (2) (c) (i), and

8. Enige kwessie in verband met hierdie Bylae waarvoor daarin nie uitdruklik voorsiening gemaak word nie, of enige kwessie of geskil wat daaruit voortvloei, kan deur die Sentrale Raad beslis word, en sy beslissing is finaal.

BYLAE E

WYSIGING VAN DIE BEPALINGS VAN DIE OOREENKOMS SOOS BEOOG IN KLOUSULE 22 (11) DAARVAN

In hierdie Bylae beteken "denkbeeldige kwota" 'n kwota wat voor die inwerkingtreding van die Wet deur die Sentrale Raad vir elke kweker verbonde aan die T.S.B.-meul vasgestel is soos op 1 Mei 1978, deur middel van die volgende formule:

Denkbeeldige kwota = $0,667 \times (AB - C)$

Waar:

- A..... = 'n kweker se totale oppervlakte geregistreerde kwotagrond;
 B..... = die opbrengs per ha onder riet van sodanige kweker gebaseer op die gemiddelde van sy hoogste twee opeenvolgende jare se sukkroseleweringe sedert die 1968/69-seisoen;
 C..... = sodanige kweker se basiese kwota aan die begin van die 1978/79-seisoen.

DEEL I

Die toepassing van die bepalings van hierdie Ooreenkoms op kwekers verbonde aan die T.S.B.-meul, word behoudens klousule 22 (11) (a), soos volg gewysig:

1. Klousule 21 is nie van toepassing op sodanige kwekers ten opsigte van uitbreidingsgrond wat aan hulle toegeken is voor die inwerkingtreding van die Wet tydens die tydperk van nywerheidsuitbreiding wat op 25 Augustus 1977 ten einde geloop het nie.

2. (1) Vir enige sodanige kweker wat slegs 'n basiese kwota besit, is die gemiddelde plaasmaksimum gelyk aan sodanige kwota paslik omgerek in riet.

(2) Vir enige sodanige kweker wat beide 'n basiese en 'n denkbeeldige kwota besit, is die gemiddelde plaasmaksimum gelyk aan sy totale kwota paslik omgerek in riet.

3. Denkbeeldige kwotas is onderworpe aan vervulling deur sodanige kwekers voordat dit in basiese kwotas omgeskep kan word, op dieselfde basis as wat voorwaardelike kwotas aldus omgeskep word, en al die bepalings van klousule 15 wat op voorwaardelike kwotas betrekking het, is *mutatis mutandis* op denkbeeldige kwotas van toepassing.

DEEL II

Die toepassing van die bepalings van die Ooreenkoms op alle kwekers, meulenaars en raffineerders word slegs vir die jaar wat op 1 Mei 1979 begin, soos volg gewysig:

1. Denkbeeldige kwotas moet gekanselleer en vervang word deur voorwaardelike kwotas wat deur die Sentrale Raad ooreenkomstig die bepalings van klousule 21 vasgestel is.

2. (1) Benewens die nywerheidsbeperkingsfaktor in klousule 22 (3) bedoel, hierna die eerste nywerheidsbeperkingsfaktor genoem, moet die Suikervereniging 'n tweede nywerheidsbeperkingsfaktor bepaal en van tyd tot tyd herbepaal.

(2) Die tweede nywerheidsbeperkingsfaktor moet bepaal word op basis van—

(a) die nywerheidsukrosekwota min die sukkrose-ekwivalent van—

(i) die skattings van kwekers in klousule 22 (2) (c) (i) bedoel; en

(ii) the estimates, not exceeding 200 metric tons sucrose each, of growers whose farm mean peaks reduced by an estimated restriction factor do not exceed 200 metric tons sucrose, and

(iii) cane permitted to be delivered in terms of clause 35, and

(b) the industrial total of all farm mean peaks which exceed 200 metric tons sucrose.

3. (1) In addition to the preparation of the delivery quota schedule in terms of the provisions of clause 22 (4), (the first schedule) there shall be prepared a second delivery quota schedule (the second schedule). The second schedule shall be prepared upon the basis of—

(a) growers' farm mean peaks and the application thereto of the second restriction factor determined in paragraph 2 (2), and

(b) the distribution of—

(i) the shortfalls between growers' delivery quotas and their sucrose estimates for the year, and

(ii) quota referred to in clause 33 held in suspense or in trust in the name of the Central Board;

industrially *pro rata* to the farm mean peaks of growers whose farm mean peaks exceed 200 metric tons sucrose and who have cane surplus to their delivery quotas.

(2) In giving effect to the provisions of sub-paragraph (1) the provisions of clause 33 will be superseded and the provisions of clause 22 (5) and (6), and the method of control of production referred to in clause 23 (3) and the relevant provisions of clause 23 (5), shall be suspended.

4. (1) The second schedule shall be growers' effective delivery and effective adjusted delivery quotas for the year. Their cane and sucrose deliveries in terms of the second schedule shall be called A Pool cane and sucrose, which shall be paid for and dealt with in all respects according to the provisions of the Agreement in the normal way.

(2) Mills at which the total of all their growers' adjusted delivery quotas as reflected in the second schedule is greater than the total of all their growers' adjusted delivery quotas as reflected in the first schedule are hereinafter referred to as A Pool mills. Sugar manufactured by A Pool mills will be paid for and dealt with according to the provisions of paragraph 6.

(3) Mills at which the total of all their growers' adjusted delivery quotas as reflected in the first schedule is greater than the total of all their growers' adjusted delivery quotas as reflected in the second schedule are referred to hereinafter as B Pool mills entitled to manufacture B Pool sugar from deliveries of B Pool cane and sucrose, payment for which will be made according to the provisions of paragraph 7 (1). All sugar manufactured by B Pool mills shall be paid for in terms of the provisions of paragraph 6.

5. (1) The quantity of B Pool sugar entitled to be manufactured by a B Pool mill and the quantity of B Pool cane and sucrose which may be delivered to such mill for that purpose shall not exceed the quantity of sucrose equal to the difference between its growers' adjusted delivery quotas as reflected in the first and second schedules or the quantity of B Pool cane available from its own growers as determined by the Mill Group Board concerned and approved by the Central Board, whichever is the lesser.

(ii) die skattings, wat elk nie 200 metrieke ton suikrose oorskry nie, van kwekers wie se gemiddelde plaasmaksima, verminder met 'n geskatte beperkingsfaktor, nie 200 metrieke ton suikrose oorskry nie; en

(iii) riet waarvan die lewering ingevolge klousule 35 toegelaat word; en

